



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL I. No. 4.]

JUNI, 1896.

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

"ONS KLYNTJI" VRAAG 'N JURKI.—(*Gedig*).
 JAKOB PLATTJI, of 'n sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in S. A.—Hoofstuk I.
 ANTWOORD FAN DI DUUSMAN OM DI BOESMAN.—(*Gedig*).
 DI KONINGIN FAN SKEBA.—IV. Di Inhoud Perkament-rol.—V. Di Towerest en haar Halsband.—VI. By di Molting.
 STOFFEL EN LENIE.—(*Gedig*).
 RYKE MENSE.—Di van der Bilts.
 DI AFRIKAANSE LIIDJES SINGER.—(*Gedig*).

PRAATJIS O'EE DI NATUUR.—Di Son.
 OOM WESSEL SYN KLYNTJI 'S VERLOOR.—(*Gedig*).
 SKETSE UIT ONS FOLKS—KARAKTER.—'n Nuttige Spook.
 3 STORIJS FAN WOLF EN JAKHALS.—Bekroonde Pryspraak.)
 OUPA SYN HOEKE —Di Slangsteen.—(*vervolg*).
 GESELDIGE TYDFERDRIEF.
 "ONS KLYNTJI" HEET "ONS TYDSCHRIFT "WELKOM.
 PRIJSVRAGEN.

M. Glassberg's
 PHOTOGRAFISCHE ATELIER
 te **Paarl** en **Worcester**
 Markt Plein. Russel Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTE TEGEN ZEER BILLIKE PRIJZEN.
 OUDE PORTRETTE VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.
 SCHILDERIJLYSTEN
 VAN BENIO FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.
 SPECIALITEIT: VERGROOT PORTRETTE.
 ALLE WERK WORDT GEWAARBORGT EIGENHANDIG TE ZIJN.

IN SKAARS TYD

Moet elkeen sijn om alles so GOEDKOOP, mar daarom so Degelik molik te kry.

KOM NA

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,

*** PAARLSE DRUKKERY, ***

EN DAAR SAL JULLE GEHELP RAAK.

WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIK KOERANT?

"**DE PAARL**" is 'n volledige Hollanse Nuwsblad. Dit kom 3-maal per week uit met Plaselik en Algemeen Nuws, Telegramme, Markberigte, ens., ens., en kos mar net 17/6 per pos, per jaar, of 4/6 per kwartaal, VOORUIT BETAALBAAR. Proefnommers word verniet gestuur.

WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIKE WEEKBLAD?

Teken dan in op "**DI AFRIKAANSE PATRIOT**," opgerig in 1876, en al di 20 jare di Orgaan van di Afrikaner Party en di Afrikaner Bond;—di *Vader van "Ons Klyntji,"*—di Verdediger van di Regte van ons Afrikaners.

Di Patriot kom elke Donderdag middag uit met al di vernaamste Nuws van di week; Telegramme; Markberigte van Kaap, Port Elisabeth, Kimberley, Johannesburg. *Di Patriot* bevat meer Korrespondensiis en Bondsversla'e as enig ander blad. Daarin kry 'n mens di gevoele van Afrikaners en wat di Bond doet.

Di Patriot is di erkende Orgaan van di Afdelingsrade van Hope Town, Steynsburg, Prieska, Philipstown, Aliwal Noord, Prins Albert, Hay, Herbert, Sutherland, Frasersburg, Barkly Oost.

Di Patriot is waarlik spotkoop; want terwyl hy gemiddeld wekeliks ruim 25 kolomme sijn gedrukte leesstof gé, is di prys daarom mar 15/- per jaar per pos, VOORUIT BETAALBAAR.

Ver *Advertensiis* is *Di Patriot* di koerant; goedkoop; en dit word deur duisende gelees. As jy iits te adverteer het, sit dit in *Di Patriot*.

WIL JY GESONDE GRISTELIK GEREFORMEERDE LEKTUUR?

Lees "**DE GETUIGE**." Dit verskyn tweemaal per maand en bevat o.a. Bybelstudiis, Leerstellige Verhandelings, Praktise Betragtings, Teekene der Tyde, Vrage en Antwoorde oer Bybelse punte, ens., ens. Dit kos mar net 5/- per jaar, 6/- per pos.

WIL JY GOEIE GOEDKOPE HOLLANSE BOEKE?

Skrywe om 'n Pryslys an **D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, PAARL.** Di voorraad is groot van allerhande soorte Godsdiinstige en andere Boeke, van goeie bekende Skrywers.

WIL JY MOOI KAARTJIIIS?

Tekskaartjiiis, Trou- en Roukaartjiiis, Kaartjiiis ver Verjaarsdage, ens. Skrywe na di **PAARLSE DRUKKERY.**

WIL JY GOEDKOOP EN NETJIIIS DRUKWERK?

Gé ver **D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,** 'n kans, en ons denk ni jy sal weer na 'n ander plek gaan ni.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, JUNI 1896.

[No 4.

Inhoud.

"ONS KLYNTJI" VRAAG 'N JURKIE.—(Gedig)....	49
JAKOB PLATJ, of 'n sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in S. A.—Hoofstuk I.	50
ANTWOORD FAN DI DUUSMAN AN DI BOESMAN — (Gedig).	52
DI KONINGEN FAN SKEBA.—IV. Di Inhoud fan di Per- kament-rol.—V. Di Toweres en haar Halsband.— VI. By di Molimo.	53
STOFFEL EN LENIE—Gedig ...	63
RIJKE MENSE.—Di Van der Biltz ...	64
DI AFRIKAANSE LIIDJIS SINGER.—(Gedig).	65
PRAATJES O'ER DI NATUUR.—Di Son.—(Vervolg).	65
OOM WESSEL SYN KLYNTJI 'S VERLOOR.—(Gedig) ...	66
SKETSE UIT ONS FOLKS-KARAKTER.—'n Nuttige Spook. 3 STORIIS VAN WOLF EN JAKHALS.—(Bekroonde Prysvraag).	67
OUPA SYN HOEKIE.—Di Slangsteen.—(Vervolg).	70
GESELLIGE TYDVERDRYF ...	72
"ONS KLYNTJI" HEET "ONS TYDSCHRIFT" WELKOM ...	72
PRIJSVRAGE.	72

Ons Klyntji braag Klere.

Myn liwe frinde ek is ni stont ;
Maar soe, ek kry tog al te koud !
Jul siin self, nakend sit ek daar,
En dit lyk mos tog al te aar.
Ek is tog nou ni meer so klyn,
Dat ek so nakend steeds moet syn.
Ek is viir maande nou al oud,
En sit en bewe van di koud.
Di winter laat hom al goed foel,
Dit is al biki al te koel.
Myn vader het my glo vergeet !
Want hy het soveul sake beet.
En al di klomp peetooms van my
Gé oek ni om dat ek koud kry.
Oom Snyman sit mar hout gerus,
Gé raaisels om te raai met lus ;
Mar laat my fan di kouse ly
En sorg ni dat ek klere kry.

Cachet di is myn voog oek, ja,
Hy is sowat myn halwe pa.
Hy moet net opgebrande word ;
Hy laat syn peetkind trane stort.
Oom Posma praat van son en maan,
En laat my in di kone staan.
Mar wag, ek word net nou 'n knaap,
Dan sal ek di ou span ops kraap.
Ek is mos nou al ni meer stom ;
Hul sal hul dreunings teen kom.
Pas hul hul plig ni beter op
Dan kry hul almal op hul kop.
En nee nou is ek 'n groot man,
Ek doen myn werk so goed ek kan.
Mar vrinde, het jul my nou lief,
Verhoor my dan tog asseblif,
En gé ver my 'n jurki tog.
Dis ni dat ek daarmé wil spog,
Mar trek tog klere om myn lyf,
Dat hul met my di spot ni dryf.
En trek ver my tog skoentjies aan,
Want bloot voet kan ek ni rond gaan.
Myn ouboet is di *Patriot* ;
Ek sê jul, ek verdra gen spot.
Mar raai, voor dat ek julle groet,
Wat het ek nou een lag ontmoet !
'n *Diir wat leef, mar sonder kop.*
Ek wag jul antwoord nou hiir op.
Nou dag dan vrinde, jonk en oud !
Jul siin self, ek kry al te koud.
Ek gaan nou na myn pa syn huis ;
Want daar is ek gerus en tuis.

P. C.

Venterstad, 19 Mei '96.

PRESIDENT STEYN.—Daar di eerste portret van President Steyn so sleg afgedruk het, deur 'n fout van di plaat, sodat ons 'n nuwe moes kry, gé ons in di nommer 'n nuwe portret,—Kyk derde bladsy van konvert.

Jakob Plattji,

OF

Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika

DEUR

HANS KAAPNAAR.

HOOFSTUK. I.

*Di Huisgesin van Idries en Sina.—Spook-Skip.—An-
neksasi.—Landmeet met Os-velle.—Kanonflys.
—By di Kantiin.*

DI gelukkige inwoners fan 'n nederige pondok, in Drakenstyn, distrik fan di Pêrl, was outa Idries en Oumemmê Sina. Hulle was di gesêende ouers fan twé seuns en dri dogters. Di onste seun Filiis en syn dri susters was getroud, mar hulle jongste broertji, Plattji, was nog by di ou folk in di struis. Plattji was ni so erg bemind deur syn broer en susters ni, omdat hy altyd voorgetrek word, en syn ouers wou gen kwaad van hom weet ni. Hy was fluks en lewendig, fol kakkerlakstrêke, en het nooit fan swaar werk gehou ni en sal daar oek nooit fan hou ni. Hy was altyd klaar met 'n gepaste antwoord, en was di houtji fan di galg te slim, so dat hy selde of nooit fas kom.

Outa Idries en oumemme Sina was twé hardwerkende ou folk: hul het wel hulle lyf by hard werk so nou en dan 'n bitji gespaar, mar, dag hul, wi maak ni so ni? Hulle geboorte-plek lê fêr in Groot Namakwaland—fêr oerkant Groot Rifiir, en daar was fer hulle niks angenamer ni as om an di jong folk fan di land te fertel.—

Met een ding was hul so gereeld as klokwerk: Op idere middag fan di laaste fan di maand kom hul fer hulle maand se geld, en sodra hul dit ontfang het, gaan hul reguit Pêrl toe, en daaruit kom hul ni voor hul di laaste penni uitgegê het ni.

Een dag, op pad dorp toe, begin di twé ou folk so te kla o'er di moeilikhede van di wêreld. Hulle kan dit mar ni spits kry ni, waarom di witmense dit so lekker moet hê ni—baing lekkerder as di Hotnots.

"Ag," sê ou Sina, "daar sal een dag 'n ynde an kom, as dit te laat is, as ons eers dood is."

"Ja, ek wens dat ek al dood is en in di hemel sit," sê ou Idries

"Né, ek wil nog ni dood wees ni, mar ek wens liwers dat ek nou smoor drunk by ou Bob in di kantiin sit," sê ou Sina daarop.

Idries staan toen bot stil, slaan fer Sina op di skouer, en kyk haar sterk in di gesig an en sê: "Sina, waarom moet jy altyd meer beter wens as ek?"

Hiirp word di gesprek meer lewendig, en hul loop toen feel ligter o'er di pad, en prys toen di witmense, dat hul so goed is om drank te maak, en dit an di Hotnots te ferkoop.

"Tata," fra di nog tiinjarige Plattji, "wat sal tata en mémme gemaak het as daar gen drank was: i?"

"Ek weet ni, myn kind, ek ken ni 'n plek waar 'n mens gen drank kan kry ni."

"A, in di trouk," sê Plattji.

"Bly mar stil o'er di tronk; hou mar dig, jong, tot dat ons eers uit di dorp uit is,"—antwoord Idries, met so 'n sagte en feel betekeneende stem.

"Ek spaner, sonner om te hoe ni, weer reguit na myn land toe; want daar hê ons genoeg heuningbiir gehad,"—ferfolg ou Sina.

"Mar, tata, sê tog, waar lê di danige land, waar tata en mémme so al dag fan praat?"—fraag Plattji.

"Di land, myn kind, lê o'erkant Groot Rifiir. Ek en jou mémme het met jagters daarfandaan af getrek, en het fan plek tot plek getrek, tot ons nou fan dag in Drakenstyn gekom het. Mar weet jy dan ni, dat al di grond hiir an ons Hotnots behoort het ni? Di witmense het ons hiir kom droog sit, fer ons foertsik gesê, ons grond in gepalm, en ons het laat spaner."

"Mar hoe was di ou folk dan so swakkiis?"—fraag Plattji.

"Dis waar," sê ou Sina, "mar, jong, wi het ooit fer kruit en kanon baas geraak?"

"As jy nou mooi wil luister sal ek jou di hêle geskiedenis fertel,"—sê ou Idries.

"An di foet fan Tafelberg, in 'n klyne bosklofi, het 'n spul Hotnot pondokkiis gestaan. Di klofi was diip, en hul kan di sê fan daar ni siin ni. Langes di pondokkiis staan 'n grote boom, onner di boom was dri Hotnots. Di een ou lê in syn karos opgedraai fas te slaap en te snork. Di twéde ou sit fêlle te bry, en di derde maak syn boog en pyle reg. Dit was nog froe en alles was stil, so nou en dan hoor 'n mens een praat; want di ou folk hulle lyf was moeg en seer fan di forige aant se gedans en bakly.

"Au, maat, waarom moet julle altyd so foeter om al di heuningbiir uit te drik? Ek het net niks om fan mor'e myn lyf mèskrik te maak ni!"—sê e n ou.

"Kyk, hoe kan jy so praat,"—sê di felbryer, "weet jy dan ni, dat daaro'er gistiaant di baklyslag gekom het ni?"

"Fertel hom dit, myn beste,"—sê toen di een wat wakker geskrik het;—"myn lewer is fan mór'e net droog, en ek wens dat di rifiirtji, wat hiir ferby loop, heuningbiir is, en dat ek nog 'n kalbas fol het om an julle te gé om julle lyf oek lekker te maak."

"Nou's julle hart gerus dat jul alles uitgesuipt het en....."

"Boems!"...fal daar 'n kanon-skot. Di oues skrik en kyk ferbaas op.

"Wat's dit!"—fraag sommar al dri gelyk; di een sê di's donner-weer, di anner sê di's 'n klip wat fan

di berg afrol, en di laaste sê jull's gek, di's iits anners."

"Hy was reg, want Boems! kom di twéde skot. Toen skrik hul reg reg en spring op dat hulle op di platte fan hul'e foete staan. Di anner spul borrel toen uit di pondokke, hardloop di bultje uit, tot hul di sê kan siin, en toen, en toen; moe ni praat ni, toen hul 'n skip in Tafel-Baai siin lê. En toen een fan hulle skré: 'Di's di spook skip!' Toen moet jy ni di geskré hoor ni. Hul spring weg en loop dat dit so bars."

"Hul loop toen soos katte, wat kruitsistertjiis an hulle stérte het,"—merk ou Sina op.

"Reg so,"—sê ou Idries.

"Wa'rentoe het hul gehardloop?"—fraag Plattji.

"Wag nou en ek sal alles fir jou fertel,"—antwoord ou Idries.

"Hul het soos kwarteltjiis en patrysiis weg gekruip,"—las ou Sina in.

"Sina, hou jou bek, anners sal ek stil bly en jy kan fertel."

"Nou ja," fervolg ou Idries, "toen di derde skot fal, was daar gen man of muis te siin ni.

"In di donker da'e het daar sképe fan alle nasiis geland, hul het jong's, myde, en kinnars gesteel en opgelaa, en di fer slawe ferkoop. Di ou folk het toen nog ni di taal fan di witmense geken ni en nimand het nooit an di Hotnots fertel ni wa'rentoe hul di slawe gebring het ni, en wat hulle met hul maak ni. So dog di ou folk toen: Dat di grote skip 'n Sé-spook was; dat di spook fan tyd tot tyd rond kom om Hotnots te steel, en hul dan fêr in di sé bring, hul onner di water in di donker en nat kamers opsluit, en hul dan niks anners gé om fan te lêwe ni as fis en soutwater."

"Dit hou ek nooit" sê Plattji.

"Di's genoeg om enige Hotnot siik en dood te maak,"—foeg ou Sina by; want sy moet altyd 'n woortji in lê.

"Nou ja," gaan ou Idries fort,—“een, twé, dri, of di stori was o'eral rond fertel; want aant fer aant fertel hul hom om di fure, en nou kan jy self siin, waarom di ou Hotnots so bang was fer skippe en matrose. En toen hul naderhand hoor, dat Hollanners op di skippe was, toen noem hul di spook di *Vligerde Hollanner*. Hul was fer hom net baing bang; want hul het geglo dat hy o'er di water kan vlie, net soos hy mar wil.

"Was di ou folk tog ni bly ni, toen hul siin, dat di skip weer uit Tafel Baai syl. 'n Héle tyd het hul nog fir di sé bang gewees; want hul was mar te benoud, dat di spook op hulle lyf sal afkom.

"Mar jul weet dat tyd ni alleen 'n Hotnot se tande slyt ni, mar oek syn geheue, en so het daar weer deur ferloop fan tyd gras o'er gegroei, en di Hotnots het weer langs di sé-water geloop.

"Een dag strand daar 'n skip en op di planke fan di skip dryf na di Strand toe twé mense, wat Hollanners was. Eers was di Hotnots fir hul bang; mar

naderhand het hul met makkaar so gepamperlang, dat hul maters geworde is. Di Hollanners kan na 'n tyd net goed di Hotnots taal slaan. Hul het di Hotnots toen uit di droom gehelp, deur hul te fertel, dat di skippe gen spoke is ni.

"Op 'n goeie dag kom daar weer 'n Hollanner skip, en toen is di twé met di skip terug na hulle land toe. Hul hou toe by hulle Koning an, dat hy mar di Kaap moet fat. En oom Hollanner was oek ni links ni, en het hom ni lank laat nooi ni. Ily stuur toen ou Riibeek uit met 'n paar skippe, hy fat di Kaap en di Kaap word toen Hollans."

"Di de'sell" sê Plattji "en di ou folk het somar afgegé? Waarom het hulle ni di Deusvolk gefang ni, dat hulle fer ons gewerk het ni, nou moet ons fer hul werk. Hoor hul was nêf frot."

"Né, ek sê hul moet di twé Hollanners di nek omgedraai het, eer hul geland het; dan kan hul mos ni in hul land gaan raad gé het ni, om di Kaap somar te fat. Laat ons Hotnots nou sukke dinge doen, dan het jy weer di kats hoor waai, en daarop dri jaar in di ysters,—sê ou Sina."

"Nou ja, dit was nou mar eenmaal so, di Hollanner het di Hotnots baas geraak; daarop maak hul maters en daar was 'n hewige hannel an di gang. Mar voor dit so fêr gekom het, het dit broek-skeur gegaan. Di Hollanners maak 'n skans-muur rondom hulle la'er; want hulle was baing bang fir di Hotnots, en di Hotnots was bang fir di Hollanners, en so was di boel 'n spul bang-broeke. In di begin, toen di Hollanner syn kop uitsteek, was di Hotnots klaar en p'ant hulle pyl in di skanse. Di Hollanner wag an di anner kant ni, en looi di Hotnots met di blou-boontjiis. Mar yntlik moet di Hotnots retelere en tru staan tot di ko'el hul ni meêr kan haal ni; want hulle meer beste manne was dood en gewond. Hul loop huis toe om te gaan groot praat en te fertel hoe hul Hollanner geskiit het. Mar wi sê? di Kaap is Hollans en di Hotnots moet pad gé. Mar dit het mar smal gegaan.

"Soos ek gesê het was binne kort 'n heftige hannel an di gang. Di Hotnots het goeie grond, en di Hollanner het mooi goed: binne kort was di sake omgedraai, want di Hollanner sit met di grond en di Hotnot met 'n spul bog goed. Dit was 'n maklikke manier van hannel; mar di Hotnots het dit daarom ni gelijk ni. Di Hotnots was in di da'e gek na bees-fêle en rou riimpiis; want daaruit het hul hulle fersiersels gemaak. Di Hollanners sê toen: "Gé ons grond en ons sal julle bees-felle gé. Ons sal di fêlle in riimpiis sny en so feul grond as ons met di riimpiis kan ommeet sal di prys van di fel wees. 'Top' sê di Hotnots, eu di ruil was deur. Mar di Hollanner wou ni goed doen ni, en so het hul begin om di riimpiis te dun te sny, waaro'er di ou folk toen ontefrede raak, want di dun riimpiis maak dat di Hollanners 'n langer end riim kry, mar di dun riimpiis was fir di Hotnot ondiinlik. Di ruilery kom toen tot 'n stilstand.

"Mar oom Hollanner maak plan, ja oom Hollan-

rer maak syn planne klaar. Hul nooi al di Hotnots om na 'n grote dansparty te kom; daar sal hul baing pret hê, en jenewer drink. Mar daar di Hotnots so o'er en o'er gefop was, is daar ni baing Hotnots na di dansparty gekom ni. Di wat gekom het, het baing pret gehad en het fir hul smoor dronk gedrink. Toe di anner Hotnots dit hoor, was hul kant en klaar om di follende dansparty by te woon. Fers was hul agterdogtig, mar nou het hul korasi en op di twêde dansparty was daar man en muis—gen een is agter gebly ni. Daar was net 'n tamaai klomp Hotnots.

“Di dansparty begin; di stof di trek; di jenewer di loop; en di folk remoer; want di lawaai-water begin te trek. En toen di frolikheid op di hoogste kerf was, moet di kanonne skilik uitgetrek word, met di bekke forentoe; hul was al lank met loskruit ge laai. Di Hotnots word nes pèr'e ingespan, twé en twé di een bokspring, di anner proes, en di derde kap met syn foete in di gronde. Jy sal sê watter uithaler span pèr'e staan daar. En toen di drywer skre: ‘Trek!’—toen kom hul om mèt 'n halfmaan en di wile van di kanonne fat so hiir en daar grond. Op di hoogste fan di pret steek hul di kruit an brand, di kanonne gaan af, en soc! di Hotnots fal o'er makkaar; hul los di kanonne en sny di feld—regnit berge toe. Hul het oek nooit omgekyk ni, foor hul by di berge gekom het ni. Hul stenn soos hul loop, en hulle haakskene klap agter hul rug soo's hul forentoe beur. Toen hul by daar-di berge kom, (siin jy di berge daar?) toen kyk hul eers om. Fan di dag af kry di berge sommar di naam van ‘Hotnots-Hollandse berge.’ En di ou folk bepaal t en daer en dan, dat di Holland fan di Hollanners an di kant fan di Kaap is en dat o'er berg Hotnots-Holland is. Was di ou folk ni kwaad ni, toen hul siin hoe hu'le hare agter hulle kop stomp gebrand was—en tot fan dag toe wil di hare nog ni agter 'n Hotnot se kop lang word ni. Arri, en word ons ni nukkerig ni, as di witmense ons fer Kanontrekkers uit-skel!”

“Ek word sommar di deuwel in as ek weer o'er di ou dingetjiis denk,”—sê ou Sina, “laat ons sukke dinge doen, dan is di kats en ysters ons lot.”

“Di soort van lêwe mag fir di Hollanners mooi gewees het, mar dit het ni in di smoel van di Hotnots gefal ni,”—gaan ou Idries fort. “Di Hotnots begin links en regs te steel; party word gefang en tronk toe gestuur—kry met di kats; gaan in di ysters. Di anner flug na di berge toe en woon in skelm gate. Tot fan dag toe leg daar nog hope met béne by di skelm-gate fan al di fé, wat hul gesla: het. Kommandes word opgemaak; hul skuit op di ske'mgate; di ou folk word gefang, tronk toe gebreng, in di yster gesit, en met di kats geslaan.”

“Mar soe, dan het di ou folk dit mar smoor gekry o'er hulle ye en wettige grond!”—sê Platji.

“Wag hiir is ons by di kantiin; ek wil eers 'n dop gaan steek”—sê Idries.

“Né, gé eers myn geld, anners suip jy weer alles uit, en ek sal niks hê ni om eens fer my snuif te koop

ni,”—praat ou Sina.

“Tata, en ek wil geld hê om 'n pyp en twak fan te koop,”—was di firsoek fan Platji.

Di geld, na enige stryery, word toen ferdeel. Dit het ni lank geduur ni, of ou Idries was dronk, ou Sina was lekker-lyf, en Platji het 'n goeie slier weg. En na hulle goed gekoop het by di firskillen te winkels, is hul agter 'n bos gaan lê slaap.

Word vervolgd.

Antwoord fan di Duusman an di Boesman.

[Di leser sal wêl doen met di twé gedigte bij makkaar te neem en di ferse met makkaar te fe gelijck want dis fers fer fers beantwoord.—D. d. T].

Ja, Boesman, ja, jy het dit seker swaar,
En feul fan wat jy daar fertel is waar:

Jou héle nasi 's uitgeroei.

Ek is daarom so bly.

Daar was gena, en oek barmhartighyd;

Had julle slegs 'n gryntji eerlikhyd.

Mar jul het kwaad gedoen, geknoei;

En het jul loou gekry.

Non smelt jou hart, en oek jou lyf di beef;—

Dis om di gruweldaan, wat jul 't bedreef

Met onse fé, en onse goed,

Waarmé ons hiir 't gekom.

Ons wou fer julle lig en segen bring;

Mar julle het fer ons geterg, gedwing

Ons hand te fêrwe met jul bloed.—

En nou hou jy jou stom!

Jul was di êelste ras, (mar in jou oog),

Wat woon in di woestyn, so bar en droog!

Di nasiis was fer julle bang!—

Ni om jul moed of krag!

Mar om jul listig, en oek so skelm was:

Jul skuit met gifpyl uit di lange gras,

Bekruip jou fyand nes 'n slang,

En 't feel so omgebrag.

En is jou fyand dan also fermoor;

Of het jy skaap of bees fan my fersmoor,

!an juig jy met barbaars plesier;

Dan is jou siil gerus!

Mar dit is alles nou ferby, siin jy;

Jul het, wat jul gesoek het nou gekry,

Duorum staan jy so droefig hiir;

Jou lamp is uitgeblus!

Jou frou is dood, en al jou kinders saam,

Ni ek, mar jy, jy moet jou daaro'er skaam!

Jy was di oorsaak fan hul dood:

Deur sleg behandeling.

Jou ma en ta, jou boetiis klyn en groot,
Hul almal leefde fan gesteelde brood,
Hul's almal net so sleg en snood,
Soos jy, ellendeling !

Di wild wat folop was in gras en riit,
Di het jy met jou gifpyl dood geskiit :
Kameelpêrd, kwagga, en di gnoe,
Di buffel en d' eland,
Di dodo, hartbees, en di fet sékoei,
Het jy totaal ferjaag en uitgeroci,
Renosterbok en di koedoe,
En oek di Olifant !

Di wilde boom en bos het ons ferbrand,—
Mar frugtebome in di plek geplant,
Di flaktes het toen woese gelê,
En nou is dit bebou,
Daar waar di leeu en tiir geloop het toen.
Daar staan ons koring en ons gars nou groen,
(Wat wil jy nou nog beter hê ?)
Daar woon ek en myn vrou.

En as jy van di jag kom en hul hoor
Jy het myn skaap of selfs myn kind vermoor,
Wat na myn skaap of bok moes kyk,
Hoe dans di mytjiis dan !
Di moordenaar, di word g prys, gefiir ;
Syn bloeldors word gewek, soos by 'n tiir.
Dan moor jy meer, en steel jou ryk,
En klage jy nou, man !

Jy fra : waar is di jonge myde non,
Tsaame met jou kinders en jou vrou ?
En sê, ek het fer hul fermoor.—
Mar dit is mos onwaar.
Het jy di pokkiis, maels, al vergeet ?
Di het hul weggemaai, dit moet jy weet !
En d' mans het hul daar by di stoor
Glad dood gesuip. Hoe naar !

Ja d' gate in di berge, di was mos
Gevul met allerly gesteeld : kos
Daar leef jy met jou vrou en kroos.
Mar dit is nou ferby !
Jy is di enigste wat my nog pla,
Gelukkig is jou tyd oek om weldra,
Dan gaar jy heen. Tot welk een troos
Is di gedagte my !

Ja, heuning het gefloei daar uit di rant !
Mar jul het mos di by se nes verbrand ;
Verwoesting was mos stee is jul lus.
Di wil het nou gedraai.
Ons boer met wingerdstok, met graan, en fé,
Hiir fan di Kaap tot an di Sambesé
Ons het nou frede, ons het rus,
Nou kan ons saai en maai.

En dan durf jy nog praat fan roem en eer !
Nê, skelmstuk en ontrou besit jy meer.

Ja, jy het liwer dood gegaan
As om te werk fer kos.
Ons wou gen een fan julle neem as slaaf,
Want julle was te eerloos, onbeskaaf.
Daarom het ons fer jul laat staan,
Daar in di berg en bos.

Di Kaffer en di Hotnot was oek sleg,
Mar ni so erg soos jy ; hul werd ons kneg,
Ons het fer hul beskaaf, geleer,
En nou is hul tefré ;
Mar jy staan nou alleen, en moet nou boet
Fer al di kwaad en oek onskuldig bloed,
Waarmê jou hande is besmeer.
Laat trek mar na di sé !

D. P. DU TOIT, (G.sn.)

Daljosafat, 22 Mei. 1896.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

VERKORTE INHOUD.—Lange di Aandfuur by di wa lange Simbabwe kom di Towerdokter Umsalomi, wat deur di Kaptyn Umgabe "uitgeruik" is, flugtende fer syn lêwe. Ons belowe hom beskerming, as hy ons di gehyme van di oue rewines fertel en alles gaan wys. Hy fertel ons hulle o'erlewerings fan di Witte Koningin, wat froe'er hiir geregeer het, en nou nog onder di Kop woon, en al jare oestyd met folle maan fer hulle kom segen, as hulle in di grot onder di berg fer haar en haar jong nois 'n bok slag en biir breng.

Met drang en drygemente beweeg ons hom om fer ons di plek te gaan wys. Hy bring ons by di ingang en met grote moeite skuiwe ons di grote klip weg, en find werklik di grot met geraantes en biirpotte. Op ferdere drang bring hy ons ferder met 'n onderaardse gang tot onder di grote ronde gebou, waar 'n menigte fertrekke onder di grond is, en in 'n fersegelde kamer onder di gehymsinnige toren kry ons 'n graniit-kis, met 'n goue offerbak, 3 goue y'ers, 3 goue falli, en 'n goue koker, met 'n perkament rol daarin, waarop oue Hebreuse letters staan, en wat ons alleen mèneem. Toen ons terugkom was di grote klip weer op di uitgang en ons kon dit onmolik ni ope kry ni.

Tot o'ermaat fan smart was ons kêrse amper op. Gelukkiê besorg Umsalomi ons 'n lamp. Ons gaan met di regterhandse gang onder di Kop in deur 'a onderaardse riviir. Kry nog 2 grotte met geraantes en verroeste wapens, en 'n yster kissi met 'n halfvermufte papiirus-rol. Met 'n style gang op, wat opgestop was fan los klippers, wat ons moes wegrol, kom ons yndelik tussen rewines en brand netel-bosse uit. Na 'n bitji slaap siin ons di follende oggend hoe di Kaffers di grot tosgemaak en di vé daaro'er geja het. Ons wyger om Umsalomi af te gé an syn kaptyn

en gaan saam'n met Mnr. Fry di kop besoek. Di aand gaan ek met Eerw. Louw same om di nag in syn studeerkamer te perbeer di rol te ontsyfer.

IV. DI INHOUD VAN DI ROL.

'n *Sware Fertaal les.*—Salomo syn *Gehymskrywer.*—*Ferwys ons na di Berg Afoer.*—*Hoe di Berg gekry?*—*Sal ons dit onderneem?*—*Na di Molimo.*

Bo di hoofstuk staan nou di portret fan di Perka mentrol wat ek afgencem het en met di ontsyfering waarfan ek amper di hêle nag gesukkel het. Want ek was baing bly toen ek Gesenius syn Hebreuse Taalkunde en Woordeboek in Eerw. Louw syn boekrak kry. Ek dog toen: Nou is di hêle wêreld reg. Mar toen het myn moielikhyd eers begin. Want di eerste siin ek dat Gesenius 'n paar fan di oue Hebreuse letters ni, angé ni soos di z (Zain), di t (Teth), en di s (Sameg). Dan merk ek gou dat enige letters anders geskrywe is op di rol as Gesenius dit angé, soos di l (Lemeg), en ferskillende andere.

Ek het toen eers met moeite di hêle ding o'ergeskrywe in nuwe Hebreuse letters, en di letters ope gelaat wat ek ni kon kry ni. Toen het ek met behulp fan di Woordeboek begin fertaal fan foer af; en in di Woordeboek moes ek dan so lank soek met di bekende letters, tot ek uitfinde wat di ontbrekende letter moet wees, soos byf. di l in *Salomo*. En so gou as ek dan so 'n letter gekry het, dan ful ek dit oral in by al di woorde waar dit foorkom.

So het ek gesukkel tot 2 uur di oggend. Mar an moeg of faak het ek ni gedenk ni. Ek was so nuws-girig, en elke woord wat ek regkry klop myn hart fan blydschap of ek 'n diamant gekry het. En ja, "anhou wen," en "geduld en flyt o'erwin sake fan on-molikhid,"—dit het ek nou weer gesiën. Hiir is nou di frug fan di nag syn arbyd. Mar dit moet ek daarom daarby sê, ek sal ni graag al nagte so 'n studi wil deurgaan ni. Hiir folg di fertaling:—

"ELIHOREF, GEHYMSKRYWER FAN KONING SALOMO, EN PRINS GEMAAL FAN DI KONINGIN FAN SKEBA, AN DI LESER—FREDE!

"E7 ELIHOREF MAAK HIIRBY BEKEND, DAT EK BESKRYWE HET DI KRONIKE (JAARBOEKE) VAN HIIR-DI GROTE EN RYKE KONINKRYK FAN SKEBA, FAN AF DI FERRE OORSPRONG FAN DI MENSELIKE GESLAG OP DI FRUGBARE HOOG-LAND FAN AFRIKA, FANWAAR DI 4 RIFIRE HULLE OORSPRONG NEEM EN LOOP NA DI 4 WIND-STREKE, TOT AN DI NOODLOTTIGE ONDERGANG FAN DI GOUE STAD, WATTER KRONIKE FYLIG BEWAAR IS, SAME MET DI MUMMIIS (GEBAL-SEMDE LYKE) FAN DI KONINGINNE FAN DI RYK, IN DI FERSEGELDE FERBORGE KAMERS ONDER DI BERG AFOER IN DI FERRE NOORD-WESTE, WAAR OOK GROTE SKATTE BEGRAWE IS IN DI SUIDOOSTE HOEK FAN DI DERDE GROT."

Al was dit nou al so laat, nog kon ek ni gaan slaap ni, of ek moes eers weet of di naam fan Elihoref in di Bybel foorkom. En ek kry dit gou oek. In 1 Kon. 4 fers 3 word hy en Ahsá di "skrywers" fan Salomo genoem.

Ek gaan toen lê, nadat ek alles weg gepak het, mar slaap kon ek fereers ni. "Waar is nou di berg Afoer;—Sal ons perbeer om dit op te soek!—Mar hoe sal ons dit kry?"—Al sulke gedagtes spook in myn ferhitte hersens, en wi kan dan slaap? Tog raak di moegheid en slaapferliis fan di forige nag naderhand fer my baas en ek fal in di slaap, mar natuurlik ni sonder te maal o'er oue letters en gedenkskrifte, en swerftogte deur bosse en rivire en berge ni.

Di son was al op, toen myn frindelike gasheer an di deur klop en my 'n lekker koppi koffi breng. Sodra ek angetrek was spreek ek myn wens uit om mar dade lik na myn frinde by di wa terug te gaan. Hulle wou hê ek moes eers daar agtuur eet, mar ek had duisend ekskuse waarom ek mar weg moes. Toen mar makkaar gegroet, en di frindelike Meneer Eufnard, wat di boerdery het op di Sendingstatie Morgester, had gou 2 pèrde laat opsaal en hy self ry mé om my wêg te breng, en ons hou di toestel fer di portretnemery op di pèrde by ons.

By di hartelike afskyd fan di gedenkwêrdige plek en frindekring sal dit di leser sêker ni onwelkom wees ni as ons hiir gé di portret fan di nederige huis en liwe famili soos ons hulle di forige aand afgeneem het.

Hoe aangenaam Meneer Eufnard syn geselskap ons oek was, tog was ons almal bly dat ons weer alleen was, so dat ek an myn frinde di uitslag kon medeel fan myn nag-werk. Nadat ons weer di rol bekyk en di fertaling twe of drimaal o'ergeloes het, begin ons nou di saak te bespreek.

Wat sal ons nou maak? In al di boeke o'er di wêrelddeel, wat ons by ons had, kry ons gen anduiding fan di berg Afoer ni; op gen kaart is so'n berg gemerk ni. Ons fra fer Umsalomi, mar hy weet oek ni fan di berg ni.

Een kant was ons teleurgestel, want ons het gemeen om hiir een of ander belangrike ontdekking te doen. Nou wel, ons het di forige nag reeds heel wat ontdek, en ons het gesiën, dat hiir nog baing na te speur en te ontdek is. Mar tog uit di rol blyk duidelik, dat di ware gedenkskrifte en skatte ni hiir moet gesoek worde ni, mar onder di berg Afoer, en dat di berg fêr hiirfandaan af is.

Mar hoe fêr, en waar di berg is, dis nou di fraag. Neef Hendrik was gou klaar, hy wou dadelik mar fort op 'n ontdekkings-tog om di berg te gaan soek. Mar Neef Gideon denk, dat dit fergeefse moeite en koste en tydferliis sou wees.. Hoe kan ons nou somar blind-weg di wye wêreld gaan inry, en dit met 'n ossewa'entji? Dan ons kom reeds fêr uit di weste uit, fan Bulu-wayo af, en ons het niks fan so'n berg gehoor ni, en di prospekterders het tog al ordentelik di wêreld deurgekruis, en feral di oue mynwerke nagespoor. Hy denk dis beter, dat ons nog enige dage hiir fersuim

12774 X444Δ3 29X4Y Y460Y
 Y46C 94C3 Y46H Y4673 2490
 XX46H 40 Y467Y 4H2 ΔH2
 24X4 X46X 49W X467C 6W 2464
 4274K 243 24674Y X460W
 24644W Y 44K 2464P ΔZ 6K
 474 X4640W X46474 69X
 60 2464P 9 Y467K 94X 94
 X4644W X4644Δ 433 ΔZ
 X 24676W 340W. 6K

M. Class 608. Table

474 474 474 474 474
 X46W X460Y 7464 Y46W
 Y46W 4444 6K 49W
 2464 X46I 7464 2464
 9464 2464 2464 2464
 44K X464P Y4673 2490
 49W 2464Y 4644W 4
 Y46W 44K 2464P W46W
 X46Δ 260 X464 34644
 X464W 2464 X46W X464 60
 2464 44K Y46W 4464 44K
 447 246W Y46W 2464
 40Y Y46W 404K Y464
 470 260 Y46W 40 44K
 44K Δ0 Y46W W46W 943



en di follende nagte ons ondersoek *hiir* fort set. Ons kan een nag di onderaardse fertrekke hiir onder di grote ronde gebou noukeurig ondersoek, en een nag di fertrekke onder di kop. Wi weet wat ons nog alles hiir ontdek?

"Allementig! wil Oom Gideon dan weer in di ellendige gate gaan inkruip, dat di fro'sige Kaffers ons weer moet tosmak?"—sê Henni, en laat in een asem daarop volg: "Né, julle kan maak wat julle wil, mar *ek* gaan ni weer same ni"

"Aag, Henni, jy 's fernit so bang," sê Neef Gideon, "ons het mos fylig uitgekom. En as jy dan te bang is om mé te gaan, dan help jy mar om di klip ope te maak, en ons laat ver jou daar op di wag sit om te kyk dat di Kaffers ni weer di toegang sluit, solank as ons daarin is ni."

"Laat di Kaffers fer my moet vermoor! Ek sal mos alleen daar bly in di nag! Moe ni glo ni! Né, julle kry my ni weg fan di wa af ni"—was Henni syn faste besluit, en daarfan kry gen een hom af ni.

Ek was self in so'n twestryd, dat ek eers dood stil bly, en gen woord daarin wou sê ni. Naderhand fra ek fer Henni: "of hy dan denk ons moet gaan soek na di berg Afoer, wat di rol fan praat?"

"Wat, daar-di ou rol! Ek glo daar niks fan ni. Hoe kom het ek dan ou Oom Jan Viljoen en al di Transfaalse olifantsjagters, wat hiir-di wêreld deur-gekruis het, nooit fan so'n berg hoor praat ni? Né, julle kan gaan soek as julle wil, mar ek gaan ni same ni; ek gaan terug Transfaal toe." (Henni was 'n Transfaler, wat ons gehuur het fer wadrywer, feral om hy di kaffertale so goed ken.)

"Mar Henni, kêrel, jy moet denk as ons di grote skatte daar kry, dan is jy 'n skatryk man en hoof nooit meer te werk ni." Met di opmerking wou ek Henni lok, want oue gedenkskrifte had fer hom gen waarde ni.

"Wat!" sê hy, "en dan as julle di skatte kry, dan wil julle dit weer ni wegneem ni. Hoe kom het julle ni laat ons di goue goed uit di klip-kis uithaal ni, dan het ons di tog gehad."

"Né, Henni," sê Neef Hendrik, dit sou diifstal wees, omdat dit hiir belet is iits weg te neem. Mar as ons daar skatte gaan ontdek, waar nog gen mens fan weet ni, dan is dit ons yndom; in elke gefal sal di Getjarterde Maatskappy ons dan 'n goeie beloning fer ons ontdekking moet gé."

"Ja, en ek sal ni so gek wees om weer lêge haude

weg te gaan ni. Al wil julle niks fat ni, dan sal ek daarom stilletjies fer my sor'e"—was Henni syn besluit, wat toon dat ek di regte snaar by hom angeroer het.

"Nou, Henni, fra dan fer Umsalomi : of hy ni wet waar ons sal kan ferneem waar di berg is ni"—was myn antwoord.

"Né, wag," sê Henni, "ek sal hom sê hy moet fer syn dolosse fra waar so'n berg is." Neef Gideon en ek waarsku hom daarteen, mar hy sê: dan doen hy dit fer syn y'e ferantwoording.

Ewe seriens goi Umsalomi syn dolosse tot 3 male toe. Di twé eerste male skud hy mar net syn kop, of hy ni kan reg kry wat hulle sê ni. Di derde maal préwel hy weer syn formulier, en skud eers di dolosse in syn y'e dubbele hande, toen gé hy dit fer Henni, en hy moes diselfde doen. Toen skud hy self di dolosse nog 'n slag en préwel weer syn formulier en toen goi hy fer hulle.

"Au!" roep hy toen uit, "ons moet na di Molimo toe gaan; hy sal fer ons sê."

"Wat?" fra Henni, "hoe kan ons na di Molimo gaan?"

Toen lê Henni fer ons uit dat *Molimo* in di Kaffertale yntlik staan ver "God," mar hulle gebruik di woord oek fer di geeste van di foorouers, en fer alks wat ons bonatuurlik sou noem.

"Na watter Molimo moet ons dan gaan? En waar kry ons fer hom?"—fra Henni ferder.

"Na di Molimo, hy woon in 'n grot in di Matoppo-berge"—sê Umsalomi.

Toen kry ek gedagte, dat ek in di boeki fan Maund gelees het fan di Berggod fan di Matabeles, wat di one Grike sou genoem hê 'n "orakel," wat antwoord gé op frage. Maund gé wonderlike foorbeelde hoe di antwoorde fan di Molimo uitgekome het. Ek soek di plek gou op en lees dit fer myn maters foor. Ek herinner hulle toen oek daaran, hoe 'n paar prospekteerders op di Selukwe goudfelde fer ons fertel het, dat hulle as frywilligers same Matabeleland ingetrek het met di oorlog, en dat hulle toen di grot bestorm het, mar foor in niks gekry het ni; mar agterin is 'n dipe donkere afgrond waar hulle ni in kon gaan ni.

"Nou ja, dan is di ding net mooi. Ons osse is op di Selukwe gebly; daar kan ons dan hoor hoe ons moet ry om by di orakel uit te kom; en di Matoppo-berge is oek ni fêr uit ons koers uit terug na Buluwayo toe ni. Dan kan ons mar net di draaitji ry, en kyk wat di orakel fer ons fertel." Dit was Neef Hendrik syn plan.

"Mar dis di fraag, of di orakel wel nog bestaan, nadat di land ingeneem en di Matabeles ferdrywe is. Straks kom ons, na al ons moeite, nog daar by 'n lége grot"—was Neef Gideon syn bedenking.

Ek sê toen: "Henni, fra fer Umsalomi of di Molimo dan nou nog daar in di grot woon, nadat di Matabeles o'erwin is en di Engelse nou in di land woon?"

Zyn antwoord was: "Ja, di Molimo sal nooit weggaan ni, want fer hom kan hulle ni o'erwin ni."

* * * * *

Onder al di praat had Henni fer ons heerlike karmenatjies gebräai, in 'n dubbele pan, fan 'n bosfark wat hy enige dage tefore geskiit het en waarfan ons di bonte fars gehou het. En dis di heerlikste van al di wild wat ons nog gekry het. Ons gaan non lekker agtuur eet.

Toen dit klaar was, kom ons tot di besluit om mar dadelik terug te gaan na di Selukwe goudfelde, en na daar di pad ferneem te hê, na di orakel toe te gaan. Ons wou almal graag weet wat di Molimo is. En toen dit eers besluit was, wou almal oek mar weg. Henni klap dat Klaas di osse moes breng, en ons pak di wa op, en binne 'n uur tyd was ons op di terugrys.

O'er di besware fan di terugrys van Simbabwe, eers ra di Selukwe goudfelde en fandaar na di grot fan di Molimo in di Matoppo-berge, sal ons di lesers ni ophou ni. Di follende hoofstuk sal ek di besoek by di orakel fertel.

V. DI TOWERHEKS EN HAAR HALSBAND.

In di Matoppo-berge.—By 'n Makalaka-Kraal.—Di ouste Dogter fan di Molimo.—Hoe ons haar Halsband gekry het.—Haar Orakel.

NS had fan 'n paar delwers op di Selukwe goudfelde goed di pad ferneem na di grot van di Molimo. Mar hulle had al fer ons fertel, dat di grot fêr fan di pad af in di Matoppo-berge lê, en dat hulle met 'n patrolje te pèrd daarnatoe gery het amper 'n dag fêr fan di nuwe pad af wat di kommando getrek het, en dat daar net kaffer-foetpaje tussen di berge ingaan, mar dat ons 'n paar krale fan Makalakas sal kry waar ons kan ferneem; en altemit 'n padwysers sal kan kry. Hulle het ons ferder fertel dat ons di kaptyn fan di naaste kraal moet gaan siin, wat fer ons eers ferlof moet gé foor ons na di Molimo kan gaan. Mar hulle het gen ferlof gekry ni; hulle het di grot somar storm geja, om te siin of hulle ni daar wat sou ontdek ni, waarin hulle egter teleurstel is.

Na baing gesukkel—by plekke moes ons bosse weg kap, en by plekke klippe weg rol, en dan weer drifte maak deur spruite en slote—kom ons yndelik by di naaste kraal, nadat ons reeds fan di een kraal na di ander padwysers geneem het. Elkeen kan sig 'n denkbeld form wat dit beteken om fer di eerste maal 'n pad te maak fer 'n feerwa'entjideur 'n di dubbele bergketen.

Toen ons by di laaste kraal kom, wat nes di Masho-krale bo op 'n graniitkop of liwers teen 'n style berg-rant, gebou is, span ons onder di rant uit. Eers het di Kaffers bang gelyk, hulle slug almal op di rant in hulle stuwaise, en blaas op 'n soort fan horing, wat ons

foorkom 'n soort fan alarm-teken te wees. Dan hoor ons oek op 'n soort fan tamboer slaan. Toen ons later in di kraal kom siin ons, dis 'n dikke maroella-boom syn stam, wat hulle een kant uitgehol het, nes 'n grote stampblok en toen daar 'n fel o'er getrek het, waarop hulle slaan. Di blok staan orent met di hol kant na bo, sodat hulle op di fel kan slaan, en di hout onder di fel is uitgeblom met allerhaude figure, wat baing lyk na Egiptise beeldskrif (hieroglife).

Mar wat sal ons nou begin! Ons moet perbeer om di kaptyn te kry. Ons neem toen ons re-wolweis en 'n party krale en wolkombêse fer persênte; want dis di beste anbefeling by 'n kaffer, en ons 4 met Umsalomi klim di rand op, terwyl Klaas by di wa en di osse bly. Di lesers weet dat di Makalâkas yntlik slawe fan di Matabeles was; mar hulle het daarom hulle y'e krale en kaptyns.

Ons fra toen di eerste na di kaptyn, en hulle breng ons by syn struis, waar hy en syn indunas in 'n soort fan kraal sit, hy op 'n klip en hulle op hulle hurke. Ons laat toen fer Umsalomi tolk, dat ons fer di kaptyn 'n persent gebreng het en dat ons graag di Molimo wil siin. Daarop gé ons hom 'n mooi boel te wolkombêrs en 'n snoer mooie krale, waarmé hy erg in syn skik was.

Sodra hy dit angeneem het sê hy sutjiis iits fir een fan syn indunas, en di gaan dadelik daar weg. Ons dag dit was om 'n padwyser fir ons te roep. Mai pas was hy weg, of ons hoor weer digteby op di horing blaas, en toen siin ons hiir en daar kaffers met asgaie loop na hulle struise toe. Umsalomi, wat al di tyd erg ongerus gelyk het, was toen opperuimd, en sê fer Henni: "Nou is ons fylig; hy ken di tekens wat hulle blaas op di horing; di eerste blaas was dat di kaptyn syn fegfolk opgeroep het om fer hulle klaar te hou; en nou di laaste blaas beteken, hulle moet mar hulle wapens weg set, want dis fréde."

Di kaptyn begin toen fer Umsalomi uit te fra: "Wi ons is; waarfandaan ons kom; en wat ons dan by di Molimo wil kom maak." En Umsalomi fertel hom so feul as ons nodig gedenk het om te laat fertolk. Toen laat di kaptyn 'n grote bak kafferbiir kom, deur 'n mooie jonge kaffermyd, en sy en hy drink eers, (follens kaffergeruik, om te wys dat daar gen gif in is ni), en toen ons almal. Dit was 'n warme dag en di effe suurragtige biir het net lekker gesmaak en goed di doers ferslaan.

Toen di pratji lank genoeg geduur het, stuur di Kaptyn di ouste fan syn indunas met ons same, ons dog na di Molimo toe. Want hy ly ons na di rant syn kant tce, 'n bitji buitekant di kraal. Ons moes eers tussen 'n boel turksy-bosse en klippe deurloop, by plekke half deurkruip. Yndelik kom ons by 'n struis wat foor 'n grot staan, wat onder di berg ingaan. Ons dog toen dis di Molimo syn grot. Omtrent 10 tré fan di struis af sê di induna, ons moet bly staan. Hy gaan toen eers in di struis kyk, en gaan toen foor in di grot staan, en steek syn twe fingers in syn mond, en fluit 3 male op 'n wonderlike manier. Daarop

hoor ons 3 blaffe nes 'n hond, of meer nes fan 'n jakhals agter in di grot. Hy roep toen 'n paar woorde, wat Umsalomi en Henni ons ni kon fertolk ni. Yndelik kom daar 'n oue myd uit, glad fooro'er en krom fan ouderdom, en leunend op 'n kiri; en weerskante fan haar 'n grote makke das en foor haar uit 'n makke jakhals. Toen merk ons eers dat ons ni by di Molimo was ni.

Met 'n drifoudige steun gaan di oue myd op 'n banki met 3 pote sit foor in di mond fan di grot, met di jakhals foor haar en di 2 dassiis weerskante fan haar; en éwe bidaard neem sy 'n snuifi uit 'n dop fan 'n wilde frug. Di induna sê toen fer haar: hiir is witte mense, wat fan di Witte Koningin by Simbabwe af kom, en wat na di Molimo toe wil gaan, met 'n boodskap fan di Witte Koningin. Want dit was wat ons an di Kaptyn laat fertolk het.

Di oue myd steun toen 3 male, en frywe toen haar oge, wat fan di léwe in di donkere grot amper te swak lyk: om in di lig te kyk. Di induna wenk toen, dat ons kan nader kom. Toen merk ons eers reg hoe wit haar hare was fan ouderdom en dat zij 'n wonderlike halsband, of amulet, om haar nek had. Dit was fan metaal, mar so fuil, ja angepak fan di fullis, dat 'n mens ni kon siin of dit goud, of silwer, of koper, of staal, of wat dit is ni. Mar dit kon ons siin, dat dit 'n baing oue ding moet wees, en bestaan uit ferskillende stukke, wat an makkaar gelas was. Dadelik fluister ek fer Neef Gideon: "Daar-di halsband moet ons perbeer om te kry, as daar enige kabs is."

Ons fra toen fer di induna of ons fer haar 'n persent moet gé, want sy sit toen doodstil met di regter elleboog op haar kni en met di hand keer sy di skerpe lig af, en onder di hand deur behoer sy ons, soos dit lyk. Di induna sê: ja, ons kan dit an hom gé, en hy sal dit an haar o'erhandig. Ek merk dadelik dat dit ferniit is om fer haar krale eu sulke goed te gé, en ek dog ek sal mar perbeer of 'n mens so 'n ou skepsel haar hart oek nog kan win fer iits op aarde. Ek haal toen 'n snuifdoos uit myn sak, fol goeie snuif.

Ons neem toen eers elkeen 'n snuifi, om fer hulle oek te laat siin dat dit ni giftig is ni. Toen fra ons di induna moet oek 'n snuifi neem, en dan di doos fer haar gé, en fra of sy dit wil annem fer 'n persent. Hij neem toen oek 'n snuifi en gé toen di doos fer haar met enige woorde, wat ons ni verstaan ni; en sy neem di doos, en bekyk dit eers goed, fan alle kante, buite en binne; toen neem sy oek 'n snuifi en miis 'n paar keer. En 'n mens kon duidelik siin, dat sowel di doos af di snuif haar goed befall. Ons sê toen fer di induna, hy moes fer haar fra of sy meer fan di snuif wil hé, dan sal ons fer haar meer gé, om di doos elke keer as dit leeg is weer fol te maak; want ek had 'n bottel fol fan di snuif by di wa. Toen ons merk dat dit haar gefal maak ons dadelik plan om di bottel snuif te laat haal. Neef Hendrik biid an hy sal dit gou gaan haal.

Di induna vraag toen weer, of ons na di Molimo kan gaan, en hoe ons moet maak om fan hom 'n antwoord te kry op wat ons wil weet. Sy sê toen di induna

moet di halsband afhaal fan haar nek af. Dit lyk of sy self al te styf is om dit af te haal. Daar is weerskante somar 'n fuile one riimpi an, en so is dit a:ter haar nek fas geknoop. Toen kon ons nog beter siin dat di amulet b'staan uit 7 stukke metaal, elkeen omtrent so groot soos 'n borsspeld, wat an makkaar geskakel is tot 'n halsband.

Sy neem di amulet toen in haar dubbele hand en skud dit en préwel daarby iits, omtrent soos Umsalomi voor hy syn dolosse goi. Toen laat sy dit fal in haar karos, of skootfel, wat ook freselik fuil was. Dit herhaal sy tot 3 male, en elke maal bekyk sy oplettend 'n héle ruk lank hoe dit lê. Daarna sit sy weer 'n héle ruk stil, met di regterhand foor di oge. Toen sê sy tamelik hard, en di induna tolk fer Henni en Henni weer fer ons, so elke 2 of 3 woorde, terwyl ek in myn sakboek di opteken, soos volg:—

“Ek siin en hoor.—Ek siin en hoor.—Um ja!
—Ek siin di kinders fan di Molimo—wat fan fêr af gekom het.—Um ja!—Ek hoor hulle seek na di lig.
—Um ja, !—Di Molimo sal di lig gé.—Um ja!—
Uit di huis fan di nag sal di Molimo di lig laat uit kom.—Um ja!—Mar syn kinders moet 3 dage wag.
—Um ja!—Hulle moet wag foor di huis fan di nag.
—Um ja!—Elke mor'e moet hulle 'n witte oobok-laag slag fer di Molimo.—Um ja!—Hulle moet dit laat slag in di foorste kamer fan di huis fan di nag.—
Um ja!—Mar di kinders fan di Molimo moet ni diper ingaan ni.—As hulle diper ingaan sal di mistegeweer fan di nag fer hulle dood maak.—Um ja!—Di mistegeweer kom onder uit, waar di Molimo woon in di nag.
—Um ja!—En di dood is ' di mistegeweer.—Um ja!—Mar di kinders fan di Molimo moet foor di deur fan di huis fan di nag bly.—Um ja!—En 3 male sal di son ondergaan, daar by di huis fan di nag.—Um ja!—En di kinders fan di Molimo sal wag by syn deur.—Um ja!—En di derde aand, skemeraand, sal di Molimo syn vo'el uitstuur.—Um ja!—Syn vo'el fan di skemerdag en skemeraand.—Um ja!—Syn vo'el met di lange tœue an di fêrke.—Um ja!—En dan kan syn kinders in di mond fan di huis fan di nag staan.—Um ja!—En dan an hulle fra wat hulle wil weet.—Um ja!—Di Molimo sal dan fer hulle di woord gé.—Um ja!—Uit di nag uit sal hy di regte woord gé.—Um ja!—Mar syn kinders moet reg fra.—Um ja!—Want di Molimo praat mar net een keer.—Um ja!—En dis nou di woord fan di Molimo syn onste dogter.—Um ja!”

Sy neem toen weer 'n snuifi uit di doos wat ek fer haar gegé het, en bekyk di doos weer goed. Toen sê sy, di induna moet weer di halsband om haar nek binde. Ons fra toen fer di induna, of sy dit ni sal wil

ferkoop of ferruil ni. Mar hy sê: “Nê, dis daarmé wat sy waarsê, hoe sal sy dit dan weggé? En di Molimo het dit fer haar moeder haar mo der haar moeder, baing fêr agteruit, gegé.”

Ons fra toen of sy dit ni in ons hande sal gé dat ons dit kan bekyk ni. Hy sê toen: Nê, nimand mag daaran neem ni; ons kan mos siin hy self neem ook net an di riimpiis om dit los te maak en weer om haar nek te binde. Ek fra toen of sy ni sal toelaat, dat hy dit ophang teun di klip of teen di struis ni, dat ek 'n portret daarfan kan neem sonder daar an te raak ni. Mar ons kon hulle ni an di ferstand breng wat dit beteken ni.

Terwyl ons nog an di onderhandel was met hulle kom Neef Hendrik met di bottel snuif. Ek laat haar toen tolk, dat ons haar di héle bottel snuif sal gé as sy fer my 'n portret sal laat neem fan di halsband. Mar dit kon ons haar ni an di ferstand bren: ni. Ek fra toen as ons eers na di wa toe gaan en weer kom, of ons dan weer di induna en di tow rheks sal kan siin, dan sal ek fer hulle wys wat ons meen. Di induna sê toen, hy sal self same gaan na di wa toe. Mar di ou myd bly daar sit.

Toen ons by di wa kom laat ons fer Henni koffi maak en karmenatjiis braai, want ons had al honger. In di tussentyd wys ons an di induna enige portrette en prente in enige boeke. Toen haal ek di portretne-mery uit en wys fer hom hoe ons 'n portret neem. En so raak ons toen ferder in gesels met hom. Ons sê fer hom eers, ons sal fer hom 'n mooie wolkombêrs persent gé, as hy dit kan bewerk, dat sy fer ons 'n portret fan di halsband laat neem.

Toen hy dit so gou toestem begin ons ferder met hom te gesels. Ons wys hom toen 'n mooie halsband fan krale fan allerhande forme en kleure, en sê di sal ons fer haar gé fer di oue halsband; en fer hom wys ons enige dinge wat ons nou denk wat in syn oog grote waarde sal hê, en een waarvan ons fer hom sal gé as hy di ruil met haar kan deur maak. So wys ons hom 'n mooi sakpiiltji en 'n kam, wat hy syn bare mé kan kam, en gou wis Henni hom te fertel, dat syn hare dan ook sal lank worde nes di wit mense; dan wys ons hom 'n fêrkyker, waarmé hy fêr kan siin bo fan di kop af, toen 'n byl en 'n saag; dan 'n mooie knipmes met 'n skêr an; ferder 'n mooie pyp met 'n doppi op, en nog enige dinge.

Ek siin toen al, syn mond water fer al di mooi goed. Naderhand sê hy: as ons fer hom di byl gé en fer di kaptyn di fêrkyker en fer di oue myd (toen hoor ons eers haar naam was *Tonioka*), di nuwe halsband en di bottel snuif, dan sal hy di halsband, fer ons gaan haal. Na enige beraad besluit ons om hom di goed te gé, onder foorwaarde dat Henni en Umsalomi megaan, en as hulle ni di halsband mog kry ni, dan moet hulle di goed terugbreng, en net ferkry dat ons 'n portret fan di halsband neem.

Henni het eers 'n bitji geopjekteer. Eers fra hy: wat ons met di oue smerige halsband wil maak? Toen maak hy weer beswaar dat di kaffers fer hom sal fer-


moor. Mar toen skiiit ons eenige skote met 'n rewolwer, sodat di induna di ding kon siin, en dadelijk sê Umsalomi fer di induna:—"Dis di *meksim* di!" (want di gerug fan di *meksim* was oral onder di kaffers ferspry). Neef Hendrik biid toen an hy sal oek megaan en hy en Henni neem elkeen 'n rewolwer. Henni stem toen in dat hy en Neef Hendrik en Umsalomi sal megaan met di induna. Ons eet toen eers 'n stukki toen klim di 4 weel di kop uit.

Neef Gideon en ek sit eers ons pyp te rook en te gesels. Ek fertel hom toen dat ek so graag di halsband wil hê, omdat dit on:etwyfel 'n oue Egiptise *amulet* is, wat hulle gebruik het fer waarsê en towery, want di middelste stuk is di afbeelding van 'n Egiptisi afgod en op di 3 andere stukke an weerskante staan Egiptisi hierogliffe, of hulle beeldskrif.

Ek het sofeul belang in di saak gestel, dat ek self weer sou megegaan hê. Mar di son was warm en ek was moeg, en so gaan ons 2 toen 'n litji rus. Dan het ek by myself gedenk, 'n kaffer neem baing tyd om te onderhandel; hulle sal seker ni klaar kom ni; dan sal ons wel fan hulle hoor of daarenige kans is, en en dan kon ons teen di aand as dit koel worde fer di laaste maal nog 'n slag gaan perbeer.

Ons het 'n goeie rukki geslaap. Daarna het ons eers 'n paar fisante geskiit en toen ek nog besig was om antêkeninge te maak siin ek di 4 afkom fan di kop af. En toen hulle nog fêr ankom skré Henni al: "Ons het di oue fullis gekry!"

Sous ons al gesê het, di oue halsband was baing fuil, en di knippe waar dit froeger mé fasgesit werd was al lank afgeslyt, sodat dit met 2 riimpiis an weerskante fas gemaak worde. Mar ek wou dit fereers in di toestand hou. Ons beproef dit toen net met salpetersuur en siin dat dit goud was. Ek neem toen 'n portert daarfan wat ek hiir gé.



Ons gé di induna toen nog 'n mooie snoer krale bo'op persent, en fra hom hy moet sor'e, dat ons di follend mor'e froeg 'n goeie padwyser het en 3 witte oibokke fer di Molimo wat ons wil koop. Mar hy sê: Né, dis ni fêr ni, en hy sal self megaan. Dis di wet, hy moet met almal samegaan wat di Molimo gaan siin, en fer di bokke het hy gesorg, ons moet 3 kombêrse daarvoor betaal. Ons fra hom toen of ons nog di aand kan deurgaen, want daar was mar nog 'n goeie uur son. Hy sê: ja, as ons nou inspan; en in 'n kwartier tyd was ons weer op rys. Nou had ons mooi tyd en di regte persoon om alles uit te hoor fan di Molimo. Want daarom het ek al gedenk om di aand mar daar

o'er te bly. Mar nou laat ons di induna foor op di wa sit, en Henni moes tolk, en hy moes ons alles fertel. Mar daarfan di follende hoofstuk.

VI. BY DI MOLIMO.

Di Gehyme fan di Molimo en syn ouste Dogter en haar Halsban'.—*Waarfan di Molimo en syn Dogters so oud worde.*—*Di Molimo en di Witte Koningin.*—*Fermoede fan Ferraad.*—*Hierogliffe in di Grot.*—*Waar-nemings by Dag en by Nag.*

Sodra ons an di ry was—Klaas foor di tou en Neef Hendrik di swep—begin ons di induna uit te fra. Eers hoe hy dit dan o'erlê het om fer ons di halsband te kry, terwyl hulle eers ni fer ons daaran wou laat fat ni. Hy sê toen: "Mar as julle daaran kan neem, dan kan ju le dit net so goed heeltemaal neem; want soos 'n ander mens daaran neem, dan kan sy ni meer daarmé waarsê ni."

Ek fra toen: waarmé sy dan nou sal waarsê? Syn antwoord was: "Sy het nog mooie sténe oek met sulke figure op, en so'n beker oek, waarmé sy kan waarsê." Toen had ons al spyt dat ons dit oek ni gesiin het ni; want ons denk dadelik daaran, dat di oue Egiptenare sténe oek gebruik het fer *amulette* of towermidde's, en an Josef syn beker, waarfan syn kneg an syn broers fertel het, dat hy daarmé waarsê, en hoekom fermag hul'e dit te steel?

Ons fra hom toen waar sy dan di dinge gekry het. Mar dit kon hy ons ni folkome uitle ni. Al wat hy kon sê is: Dit is fan di Molimo, want sy is syn dogter, en so was haar ma, en haar ouma, en ferder agteruit, meer as hy kan sê, en hulle het elkeen altyd weer net een dogter om fer haar op te folg.

Op ons vraag, of di Molimo oek so di seun di fader opvolg, roep hy ferwonder: "Au! né di Molimo het gen fader ni en gen seun ni. Hy was ni 'n kind ni en hy word nooit oud ni. Hy bly altyd jonk, en word nooit siik ni, en gaan oek ni dood ni. Hiir het hy gewoon, en hiir sal hy woon."

"En hoe lyk di Molimo?"—fra ek.

"Gen een het nog ooit fer hom gesiin ni"—was syn antwoord. "Hy woon mos in di nag."

"Mar kom hy dan nooit uit ni?"

"Né, net mar as syn oudste dogter dood gaan, dan kom hy altyd uit om fer haar weg te neem, en haar dogter in haar plek an te stel. Mar dan moet ons almal in ons struise sit huil: 2 dage mag ons ni ons kop uitsteek ni."

"Mar hoe weet julle dan wanneer syn oudste dogter dood is?"

"A, ons weet, want ons breng mos al dag fer haar kos. En as sy dood is kom haar jakhals en 2 dassé foor di deur fan di grot sit huil, tot di Molimo haar dogter in haar plek breng en fer haar weg neem."

"En waarheen breng di Molimo dan fer haar?"

"Né, ons weet ni wat hy met haar maak ni."

"En waar woon haar dogter dan? Is di dan ni by haar ni?"

“Né, sy is alleen, di dogter bly altyd by di Molimo tot di dood fan di moeder.”

“En hoe lank is Ionioka al syn oudste dogter?”

“Né, ek weet ni. Mar in myn pa syn pa syn tyd was sy al daar.”

“En hoekom word sy dan so oud? En word al di oudste dogters so oud?”

“Ja, hulle het soorte kruie, wat hulle kry in di berge, en wat hulle kook, en di sop daarfan drink hulle fer meestergoed.”

“En laat hulle ni fer ander mense oek daarfan kry ni?”

“Né, daar is een soort kruie, waarfan di Molimo alleen di sop drink, daarom gaan hy nooit dood ni. En dan is daar ander kruie, wat syn dogters drink, dan lêwe hulle so lank as 10 andere mense.”

Terwyl Henni di antwoord fertolk, sê hy telkens tussenin fer ons: “Nou liig di Kaffer ons lekker di hals fol.—Wi sal nou so gek wees om dit te glo?”—en so meer.

Di induna het intussen 'n paar plekke angewys hoe ons moet ry. En nog foor sonouder was ons by ons bestemming. Dis an di foet fan 'n berg, wat 'n skerpe rant uitskiit. Nou lê di kraal foor di rant, en di grot waar di towerheks is gaan onder di rant in. Ons het toen di punt fan di rant omjery en met di kloof op tussen di rant en di berg in, toen ons stil hou wys di induna ons, sowat 'n 75 trê daarfandaan, 'n 80 of 40 foet hoger, (want dit gaan styl op), net onder di krans gaan di opening in fan di Molimo syn grot.

Dit was fer ons dadelik duidelik, dat di 2 grotte net fan weerskante af onder diselfde rant ingaan, sodat hulle denklik onder by makaar loop. Henni maak dan oek gou di anmerking: “Wat, dis alles bog wat di Kaffer ons wil wysmaak! Dis mar 'n spelonkerige berg, nes daar waar ons in Transfaal di Mapog-Kaffers uitgehaal het. Nou het hulle een kant 'n oue myd en in di ander kant 'n ou jong gesit, en di is nou kasta 'n waars'er en di Molimo. Wat, ek glo niks fan hulle storiis ni!”

Di induna sê toen ons moet mar uitspan, mar Klaas moet oppas dat di osse ni na di grot syn kant toe wy ni, hulle moet terug in di kloof af wy. En hy sal nou eers fer di Molimo 'n teken gaan maak, dat hiir mense gekom is om fer hom te fra. Mar ons moet by di wa bly.

“Nou gaan hy fer di oue Kaffer alles fertel. So kan hulle maklik tower en waarsê!”—sê Henni.

Klaas gaan nou di osse water gé en fer ons water haal. En ons maak intussen fuur en kook water fer té, en begin ons aand-ete reg te maak.

Nadat ons di osse fas gemaak het, sit ons by di fuur gesels. Ek fra fer Umsalomi: hoekom hy dan di hêle dag so stil is en amper niks praat ni. Hy sê: hy is bang di Molimo sal kwaad wees o'er hy fer ons fertel het fan di Witte Koningin.

Op ons frug, of di Molimo dan oek weet fan di Witte Koningin, sê hy: “Ja, sekér, hy stuur oek al jare fer haar 'n eenjarige fêrkalf.”

Ek sê toen an di frinde: “As 'n mens dit nou kan glo, dan is dit in so fêr fan belang, dat daar nog 'n ferkeer en gemeenskap bly tussen di 2 p'ekke.” Mar Henni sê, hy glo daar net niks fan ni.

'n Hêle ruk daarna kom di induna eers; dit was al donker geworde. Ons fra fer hom: waar hy so lank gebly het; of hy met di Molimo gepraat het?—Hy sê: né, hy het mar net di teken fer hom opgeset, dat hiir mense is wat fer hom wil fra. En dit was net omtrent son onder toen ons hiir gekom het; daarom het hy di teken gou-gou gaan opset, want anders moes ons nog 3 folledage hiir bly. Mar nou het di Molimo antwoord gegé, dat hy di teken gesiin het. Nou moet ons mar mor'e oggenl 2 bokke slag en o'ermor'e oggend een, en dan al di Molimo o'ermor'e aand fer ons antwoord gé.”

Henni sê alweer éwe ongelowig, nadat hy dit getolk het: “Glo julle nou di oue Kaffer? Hy liig ons di hals fol. Dis alles pure foppery met syn Molimo. Julle moet kyk, hêr!”

Ek had oek ferdinking teen di Kaffers, mar fan 'n andere aard. Ek was bang fer 'n sam spinning tussen Umsalomi en di induna, molik nog met di ou towerheks en di Molimo inkluis. Want 'n Kaffer kan jy nooit ten folle fertrou ni. Ek deel di ferdinking mé an myn frinde, en Neef Gideon sê, hy het diselfde gedagte oek al gehad; want hy had oek al di hêle dag gemerk, sodra daar mar 'n kans is, dat Umsalomi en di induna telkens apart met makaar praat.

Ons perbeer toen eers om deur Henni fer hulle te laat uitfra om te siin: of hulle makaar al froeger geken het: of Umsalomi al froeger hiir was, en so meer. Mar daar was niks uit hulle te kry ni. Hulle hou fol, dis nou di eerste maal dat hulle makaar siin en dat Umsalomi hiir kom.

Neef Hendrik sê toen, ons hoef ni bang te wees ni; want ons het Umsalomi syn lêwe gered, en hy sal niks teen ons doen ni, en oek ni fan ons afgaan ni, mar by ons bly fer fylighyd. Mar Neef Gideon en ek was ongerus en Henni sê oek: ons moet di Kaffers ni fertrou ni. Ons besluit toen om goed di oog op hulle te hou.

Ons laat di 2 Kaffers di nag onder di wa slaap. Neef Gideon en ek slaap in di wa, Neef Hendrik en Henni weerskante fan di wa, en Klaas, di klyne Koranna, by di fuur. Ons was mar almal moeg en slaap gou in en deur tot di oggend.

Klaas is 'n stille klyne jong. Hy praat amper ni, en sal nooit 'n woord ferniit sê ni. Mar di follende oggend sê hy fer Neef Hendrik (dis yntlik syn baas, wat fer hom mégebreng het): “Di 2 Kaffers het di nag sutjiis opgestaan toen ons geslaap het: hulle het so na di grot syn kant geloop en 'n hêle tyd weg gebly, en toen weer saggiis kom lê, dat ons niks moes merk ni.”

Ons werd daardeur fersterk in ons ferdinking en besluit om di 2 kaffers nog noukeuriger op te pas, en sê an Klaas oek om op te let.


Di oggend kom daar 3 kaffers met 3 witte oibokke, wat ons ruil fer 3 wolkomberse, met 'n snoer krale nóg an elkeen fan di 3 y'enaars as "persella" (persent); want as jy fan 'n kaffer iits koop of ruil, moet jy altyd nog 'n "persella" op di koop of ruil toegé.

Ons fra toen, hoe met slag van di bokke? Di induna sê toen, dis follens hulle wet, hy self sal een fan di 3 kaffers wat di bokke gebreng het neem om di bokke te gaan slag. Toen ons egter folhou, ons wil meggaan, want ons wou di spul daar goed gaan bekyk, maak hy gen ferdere besware ni, mar hy wou ni hê ons moes lantêrns méneem ni.

Neef Gideon, Neef Hendrik, Henni en ek gaan toen same. Klaas en Umsalomi bly by di wa.

Toen ons by di grot kom siin ons dit gaan amper gelyk in, met 'n tamelik grote opening, sodat di grot self met 'n soort fan skemerlig ferlig is, net so feul dat 'n mens, as jy eers 'n tydji daarin is, en jou oge gewend worde, effentjiis kan siin waar te loop.

Terwyl di induna met behulp fan di andere kaffers hulle anstalties maak, met 'n hêle party kunsiiis, om di 2 bokke te slag, bekyk ons di grot. Foor by di ingang merk ons op enige Egiptise Hierogliffe (beeldskrif), wat in di klip uitgekup is, en waarfan ek 'n kopy maak in myn sakboekje om later te ondersoek wat dit beteken, soos volg:—



By di induna syn formuliir geprewil en andere seremoniis met di slag fan di bokke merk ons op, dat hy op di oosterse manier, nes di Jode en di Slamse, di slagare fan di bokke afsny en fer hulle laat dood bloei. In di tussentyd het ons oek opgemerk, dat bo 'n skeur is in di rots, sodat di lig daar effentjiis inskyn.

Di induna slag di bokke ni af ni. Hy haal net di ingewande uit, om weg te neem, en set di bokke neer agter naby di donkere afgrond. O is perbeer toen of ons iits daarin kan siin, mar dis so donker as di nag.

Ons gaan toen terug na di wa toe, en terwyl ons 'n stukki agtuur eet, wat Henni intussen fer ons klaar gemaak het, braai en eet di Kaffers di binnegeod fan di 2 bokke. Umsalomi eet egter ni met hulle same ni, mar wag tot ons fer hom kos gé. Of hy dit nou mar doen, om ni te laat merk dat hulle befrind is ni, weet ons ni. Di induna waarsku ons toen weer, ons moet ni alleen sônder hom na di Molimo syn huis toe gaan ni.

Toen ons klaar had met eet neem Neef Hendrik en en ek ons geweers om te gaan jag, en Neef Gideon en Henni bly by di wa, om meteen 'n bitji 'n oog te hou op di Kaffers. Ons loop toen so met 'n draai om, dat ons bo op di rant kom, waaronder di grot ingaan. Toen ons bo op was kon ons goed na weerskante siin, di Kafferkraal waar di towerheks haar grot ingaan an di een kant, en di wa waar di Molimo syn grot ingaan an di ander kant. En toen kon ons duidelik siin, dat di 2 grotte rego'er makkaar ingaan, en dus heel waarskynlik onder in makkaar inloop; want di randjies ni heel breed ni.

Met di loop het ons 'n paar fisante en patryse en 'n das geskiit, meer fer di skyn as fer behoefte, en met terugkoms kom ons ombrent reg bo di grot af, sodat ons kon siin waar di skeur bo di grot ingaan, waarfan ons fan binne af di lig siin deurskemer het. Ons loop toen 'n end om di bek fan di grot en so terug na di wa toe.

Toen ons ons befindings an Neef Gideon en Henni fertel, was hulle met ons fan diselfde gedagte, dat di 2 grotte onder in makkaar loop. Myn eerste bedenking was of ons ni enige rime en toue en ons lantêrns moes neem ni, en dan perbeer om 'n paar fan ons te laat afsak in di donkere afgrond, om te kyk wat daar onder in is ni.

Henni sê al dadelik, daat hy hom ni sal laat afsak ni, want di frotsige Kaffer fan onder kan jou mar maklik doodsteek met 'n asgaai of skiit met 'n gifpyl. Neef Gideon syn bedenking was, as ons dit wil doen, dan moet ons in elke gefal wag tot ons eers di antwoord fan di Molimo het op ons vraag.

Dit breng ons daartoe om same goed di woorde fan di oue towerheks te lees, wat ek letterlik opgeteken het. Di eerste wat toen ons bisondere opmerksaamhyd trek is, dat sy gesê het, ons moet ni dipër ingaan ni; want dan sal daar 'n mistigeweer uitkom, wat fer ons sal dood maak.

“Daar glo ek niks fan ni,” sê Henni. “Hy mog ons met di asgaai dood goi of steek ja.”

“A né, Henni, jy moet dit ni so ligfêrdig ferwerp ni—” sê Neef Gideon. “Di Molimo-Kaffer kan ’n soort bossi of gras of kruie hê, waarfan di rook fergiftig is as imand dit inasem. En di opening fan di afgrond is mar klyn. As een nou onder in is, dan kan hy teen di skemerlig siin as een fan bo wil perbeer om in te kom. En as hy dan di goed onder in an di brand steek, dan slaan di rook natuurlik op en ferstik of fergiftig jou hiir bo.”

“Ag né, Oom Gideon!”—sê Henni, “mar dan fermoor hy mos self oek.”

“Né, dis ni juis te sê ni. Kyk, rook styg mos op; en hy kan di goed op ’n hoogere rant ansteek en self diperafdaal na ’n andere grot toe”—was Neef Gideon syn opmerking, waarby ek nog foeg: “Of hy kan fooraf in ’n kamer fan di grot sulke goed brand, en dit toe hou, en net soos hy mense gewaar wat wil ink-m, dan di klip wegneem foor so’n kamer, laat di rook opstyg, terwyl hy self sig terug trek in ’n andere dipere afdeling fan di grot. Onmolik is dit in elke gefal ni. Mar laat ons di induna op di punt onderfra, en ’n mooi persent belowe as hy ons alles fertel. Altemit luk ons dit om wat fan hom uit te fis. Henni, fra hom uit op di punt.”

En Henni en ons het di induna gekatkeseer dat dit ni maklik was ni, mar dis net ferniit, ons kon niks meer uit hom kry as di oue towerheks gesê het ni.

Ons besluit toen om di 2 Kaffers di nag goed op te pas, en di follende nag weer. Mar wat ons toen agter gekom het en wat di Molimo syn antwoord was fertel ors in di follende hoofstuk.

Stoffel en Lenie.

Neef Stoffel was ’n mooi jonkman,
Daarby ok braaf, opreg en trou,
In ider opsig wêrd ’n vrou,
Getrou en deugsam fer haar man.

En so ’n deugsam nointji was
Gewis nig Leni fan o’m Frans;
Want skoon daar kom skatryke mans.
En Lords, sy hou an Stoffel fas.

Want hy alleen besit haar hart,
Sy kon gen ander ooit bemin,
Gen ander kan haar hartji win,
Met Stoffel deel sy freug en smart.

Al was haar minnaar ook ni ryk.

Al had hy ni feul goed of geld,
Of was hy ni bercem as held,
Na ware deug is wat sy kyk.

Mar nou was hy mos speklateur,
So dwaal en swerf hy oral rond,
Want h’ had gen faste plaas of grond,
Hy rys en koop gedurig deur.

So bly hy eemaal lang fan haar,
Sy kry gen briif of tyding meer.
Sy bid maar dat ons liwe Heer
Fer hom moet sorg tog, en bewaar.

So het daar maan’le hcen gevlug
Dat sy fan Stoffel niks meer hoor.
Op laas hoor sy hy is fermoor,
Deur kaffers in Johannesburg.

Di tyding was fer haar te swaar,
Dit skeur in twe haar tere hart.
Sy kan gen troos kry fer haar smart,
Haar lêwe fal haar nou te swaar.

Fan droefhyd huil sy dag en nag,
Sy had gen rus of duurte meer.
Sy bid nou te fergeefs di Heer.
Dat Hy tog moet haar leed fersag.

En yndelik, na lank te dink,
Sê sy: “Waarfoor leef ek nog hiir?
“Myn lêwe bring my gen plesir,
“Ek gaan my nou fanself ferdrink.”

So gaan sy heen na di rifir,
Wat op haar pa se plasi stroom.
Sy spring daar moedig in di stroom,
En roep: “Faarwel myn smarte, hiir!

“Bewaar myn siil! O! hylge God!
Fergeef myn grote sonde my,
Ek is te swak om meer te ly.
Te swaar en bitter is myn lot!”

Pas was sy in di stroom gesink,
En was haar siil tot God gevlug.
Pas was haar laaste droefe sug
Ferdwyn, en s’akelig ferdrink.

Of Stoffel! kyk! wi kon dit dink?
Kom op di plaas, gesond en fris.
Hy fra waar dat syn Leni is.
Wat moes hy hoor? “Sy is ferdrink!”

Te feul was di slag fer syn hart,
Hy spring di woeste stroom ook in,
En folg haar, wat hy teer bemin
Na, in di water-graf met smart.

M. H. NESER.

RAAISLS.—Deur ’n abuis moet verslag en nuwe raaisels van Ds. Snyman weer oerstaan.

’N FERMANING.—’n Korrespondent skrywe uit di Vrystaat: Waarde ou frind, ek wil jou dit ni ferwyt ni, mar tog ’n klyn fermaning gé, dat jy jou klyntji so nakend fer ons stuur, terwyl dit al regte koud is hiir by ons, en dit op di lange rys wat hy moet aflê sonder klere. En hy word mos groot oek al: hy sal naderhand skaam word om ons te kom besoeek.—Jammer dat Piit fer on Kees gehinder het, dat ons ni di hele kondisi kon sijn ni.

Rijke Mense.

DI VAN DER BILTS.

DI van der Bilt famili is miskiin net so ryk as di Rotschilds, mar is ni so feul bekend ni. Nilank gekde ni is di hertog fan Marlborough met een fan di nois getroud, en al di krante was fol fan di trouery. Hulle is fan Hollanse afkoms, hulle ou fader is uit Holland na Amerika gegaan.

Di eerste ryke Van der Bilt, Nikolaas, was gebore en 1794, dus meer as 100 jare gelede. Syn fader was 'n klyne boertji by New-York, wat di grote se'en fan di arme mense, namelik: baing kinders, in ruime mate geniit het. Syn plasi was by di rifiir, di "Hudson," en om wat te ferdiin het hy 'n soort fan 'n pont angeskaf om di mense o'er di rifiir te breng. Een fan syn seuns, "Nicolaas," was 'n flukse uitgegroeide kerel, en het kans gesiin om met di pont geld te maak. Hy fraag toen syn pa om di pont an hom af te staan, en net nou begin hy ordentelik geld te maak.

Toen kom di oorlog tussen Amerika en Engeland en idereen weet, dat oorlog party keer an 'n mens 'n kans gé om geld te maak. Hy het toen angenem om di forte fan New-York fan kos te foorsiin; dit breng hom goed wat in.

Toen hy 19 jaar oud was het hy gaan trou. Di meeste mense sê: "jong trou is sleg;" ek sê anders. Dit kom daar mar net op an wi jy is en watter 'n frou jy kry. 'n Mens kan net so goed en miskiin nog beter fooruit kom met 'n frou as sonder een.

Toen hy 24 jaar oud was had hij 'n paar duisend pond by makkaar, en 'n paar syl-skuitjiis op di rifiir.

Eens op 'n dag siin hy fer di eerste keer 'n stoomboot. Sodra hy dit siin ferstaan hy, dat hy daarme geld kon maak. Hy ferkoop al wat hy het, en gaan saam maak met 'n man wat 'n stoombootji het.

Nou begin hy eers reg geld te maak; 'n paar jaar later had hy al £ 50,000 by mekaar. Hy gaan toen in New-York woon, om syn kinders op te foed.

Syn 13 kinders het dit ni al te plesirig by hom gehad ni. Hulle moes werk fer hulle kos, net soos hy gedoen het. Op di manier het hy syn kinders geleer, dat hulle ni op erfgeld moes reken ni, mar fer hulle self moes sorg. As ons Afrikaners di ding oek 'n bitji beter sou ferstaan, sou dit met party kinders oek beter gaan.

Syn oudste seun Willem was klerk by 'n bankiir. Toen hy £60 per jaar verdiin kryg hy dit in syn kop om te trou.

Syn fader, wat vergeet had wat hy self gedoen het, was hiiover erg ontfrede, en fraag hom:—"Waarfan sal jy lewe?"

"Wel," sê Willem, "fan di £60 wat ek ferdiin."

"Dan kan jy loop," sê syn fader, wat toen al 'n paar miljoen ryk was. "Ek sal jou ni help ni."

Fer 'n lange tyd het di fader syn woord gehou. Hulle was goeie frinde, mar hoe Willem oek sukkel, syn fader help hom ni.

"Willem is te sleg om ryk te worde," sê ou Nikolaas. "Hij moet mar arm bly."

Eindelik werd hij goed en wel toen Willem hom een dag onder deurspring. Toen begin hij agting fer hom te kry.

Willem het 'n klyne plasi en had mis noodig. Hij gaan na syn pa om di stal-mis te koop. "Hoefeul wil jy gé?" sê Van der Bilt.

"4 Dollars di frag," sê Willem.

"Top!" sê Van der Bilt, waarop Willem weg gaan en syn fader kwaad agterlaat, omdat hy nou weer siin dat Willem ni slim genoeg is om te koop ni, daar hy dit fer di helfte minder had kan kry.

Mar wat doen Willem? In plaas fan syn gewone skuitji kom hy met 'n baing grote skuit an, di grootste wat hy het kan kry.

Di skuit word folgelaai. "Dit is omtrent 30 fragte," sê ou Van der Bilt.

"O né, Pa," sê Willem, "dit is mar een frag. Ons het ni geakkordeer hoe groot di frag moes wees ni."

Van der Bilt kon hiiover niks sê ni. Toen hy nou siin dat Willem ni so dom was as hy gedenk het ni, neem hy hom in Maatskappy.

Toen di goudmyne by di rifiir Sacramente ontdek word, had hy dadelik 'n paar stoombote klaar, sodat hy in 'n paar jare een miljoen verdiin.

In 1862 breek di grote burgeroorlog uit. Di suidelike state het toen 'n oorlogskip op di nuwe manier gebou, geheel met yster. Di andere oorlogskepe kon niks daarteen doen ni. Di noordelike state maak toen oek so 'n soort skip, di *Monitor*, en di suidelike skip, *Merrimal* moes flug in di rifiir. Nou moes di *Monitor* niks anders doen ni as di *Merrimal* oppas; want dit syl te diip om in di rifiir op te gaan.

President Lincoln, di president van Amerika, word dit naderhand moeg. Hy laat Van der Bilt roep.

"Fer hoefeul sal jy maak dat di *Merrimal* ni kan uitgaan ni?" Fra Lincoln.

"Ek ferkoop myn diinstel ni," sê Van der Bilt; 'mar as jy my mense gé en my Komadant maak, dan sal ik daarvoor sorg, mar jy moet my alleen baas maak."

"Goed," sê di President. 36 Ure later had Van der Bilt 'n skip klaar, wat hy self het laat bou. Daarme ferby is stuur hulle hom 'n deputasi om hom te bedank.

Toen di gefaar ferby is gé hy di skip an di regering in gebruik tot na di oorlog. Di gouwerment het gemeen, dat hy di skip persent gé, en toen di oorlog ferby is stuur hulle hom 'n deputasi om hom te bedank.

Ou Van der Bilt was toen freeselik nukkerig. Di arme deputasi moes mar maak, dat hulle weg kom. "Julle het myn skip gefat, en julle kan dit hou," sê hy. "Ek het skippe genocg."

Dat was waar ook: hy had toen 100 skippe.

Toen hy 70 jare oud was kry hy dit in syn kop om al syn skippe te ferkoop en te spekulêr met spoorwege. Hy koop spoorwege op en foeg toen by syn skatte wat hy al had, binne 5 jare nog 11 miljoen pond.

Toen hy sterf was hy di rykste mens fan di wêreld. Hy het sowat 30 miljoen nagelaat.

Syn seun Willem kry toen di grootste part. Hy wou ni so ryk wees ni; want di las was fer hom te swaar, en hy het hom altyd beklag en gesê, dat hy mar liwers nog in syn hûsi op di plaas wou woon. Syn ge'd groei daarom mar an, totdat hy op di end 40 miljoen het.

Ons beny hom ni. "Feertig miljoen," so skryf hy an 'n frind, "is 'n las feel te swaar fer 'n mens. Di las druk my neer en maak my dood. Ek sal sorg dat di geld nou ferdeel word onder myn kinders. Di geld gé my gen stuk plesiir ni; ek het daar niks fan ni. Myn buurman, wat mar 'n halwe miljoen het, is net so goed af en beter. Syn hûis is net so mooi, syn gesondhyd is beter; hy sal langer lêwe. Ek moet met al myn geld werk nes 'n slaaf."

Toen hy dood gaan had hy 20 miljoen weggegé en laat toen nog fer idere seun 20 miljoen na.

J. L. C.

Di Ariikaanse Liidjiis Singer.

Di digters prate met feel swiir
Fan harp en luit en goue liir;
En seek fir hulle sange stof,
By grote lui an's Konings hof.
Ek sou ook so sing as ek kon,
Mar het net 'n akkordeon,
En daarop spel ek nou myn liid;
Find jy dit swak, dit raak my niit.

Ek sing fireers di lof en eer
Fan God, di trone Opperheer,
En dan fan wat myn oog anskou,
Fan hûis en kinders en fan frou.
Ek sing fan freugde en fan smart,
Fan alles wat my kom in d' hart,
En dit in 'n eenfoudig liid,
Find jy dit swak, dit raak my niit.

So song ons in di oue tyd,
Uit fol gemoed, di hart ferblyd.
Ons was deur Dawids harp gestig,
En Iodensteyns eenvoudige dig.
Mar nou gaan deur di ganse lan
Di nuwe liid op freemde trant;
Mar ek bly by di oue sang,
Di nuwe toon maak my net bang.

Nou gaan ek by di hûise om,
En fraag beleef 'n wellekom.
En as myn sang an jou foldoet
Dan sing ek fort met nuwe moed.
Mar as jy deur en fensters sluit,
Omdat jy frees fer myn geluid,
En jy ni luister na myn liid,
Dan sing ek tog, dit deer my niit.

NEEF JAN.

Pratjiis o'er di Natuur.

DI SON.

(Vervolg).

WAARUIT bestaan di gasstoffe van di son?
Wairmê stook di son syn grote oond?
Met di vraag het ons laas geyndig.

Di son gebruik 'n dure brandstof. Syn brandstof is niks minder as metale, soos yster, kwiksilwer, man-genees, sodium, calcium en andere elemente. (Deur *element* bedoel ons 'n stof wat ni kan opgelos worre in andere bestanddele ni, soos di metale). Di metale bestaan op di Son in di vorm van gloeiende gas. So warm is dit daar! Wel, hoe het di Natuurkenners dit te wete gekom? Op 'n slimme en tog heel eenvoudige manier. As jul nuwskirig is om dit te weet, sal ik perbeer om dit duidelik te maak.

Hul het dit uitgevinde eenvoudig deur di ontleding van sonnelig. Wat is di kleur van sonnelig? "Wel seker," sê jul, "lig is wit of kleurloos, soos water!" En tog sal jul dit amper ni kan glo ni as ik sê, dat diselfde kleurlose lig uit pragtige skitterende kleure bestaan. Mar jul het dit sif dikwils gesien. Kyk dan na di reenboog. Wat is dit anders as di lig van di Son, wat op di druppels van di wolke val en opgelos worre in 7 kleure. Di grote Engelse Natuurkundige Newton (spreek u't Nuwten) het dit verder bewys, in 1672, deur 'n eenvoudige proefneming. Hy het 'n kamer heeltemal toegemaak, dat dit pikdonker was in di dag. Toen het hy 'n gat geboor deur di venster om 'n sonnestraal te laat deur skyn. Di sonnestraal het hy toen laat val op 'n prisma ('n drikantige stukki glas, soos 'n mens dikwils siin hang, an mooie lampe ver versiirsel). Di prisma weerkaats toen di ligstraal in 7 pragtige stroke van kleure op 'n laken, wat hy teun di muur gespan het. Di stroke was as volg:—rooi, oranje-kleur, geel, groen, blou, indigo (donkerblou), en violet (pers-kleur). An di kleure-beeld op di laken gé Newton toen di naam van *Spectrum*. Di naam betekende yntlik *Spook*, mar as alle spoke so mooi was, sou gen mens weg hard loop ni.

Dr. Wollaston, ook 'n Engelse geleerde, find toen ferder uit in 1802, met 'n klyne verandering in di

proef, dat daar swarte strepe loop o'erlangs di kleur-stroke.

Hy het di gatji in di fenster langwerpig gemaak in plaas van rond. Frauenhofer befinde in 1815, dat daar 'n paar honderd sulke swarte strepe in di spectrum is en dat hul altyd diselfde posisi inneem. Na hem wort hul genoem Frauenhofers lyne of strêpe.

Daarop gaan di geleerde toen proewe neem met andere soorte lig, soos di lig van elektrisiteit en van brandende stoffe. Di ligte gé ok 'n kleurebeeld op di laken net soos di son, mar ni so skitterend en ni in diselfde orde as di stroke van di son ni. Om di Spectrums (spoke) fan gloeiende stoffe mooi te bekyk het hul toen 'n vérkyker gemaak. Di kyker noem hul spektroskoop (spookkyker). Hul befinde toen dat as stukkiis metaal gloeiend gemaak worre in di flam van 'n spirituslampi, di spectrum 'n paar skitterende strêpe vertoon in di lengte o'er di spectrum. Elke metaal gé 'n andere soort heldere streep, en di getal van heldere strêpe ver elke metaal ferskil ok.

Verder siin hul toen dat net persies waar di spectrums van brandende metale heldere strêpe vertoon, daar vertoon di sonnespectrum swart strêpe.

Dit lat hul toen dink dat daar op een of an'ler manier 'n verband moet wees tussen di swart strêpe van di son en di heldere strêpe van di metale. Dit was ok so. Op 'n goeie dag het hul sekere metale verhit, totdat di metale o'ergegaan het in gas. Toen het hul di spectrums van di brandende gas waargeneem en wat sien hul toen? Dat persiis waar di ligstrêpe, was, daar lé nou di swarte strêpe, net soos di swarte strêpe van di sonnespectrum, en ok net op di selfde plek. Di proefneming het hul toen herhaal met verskillende metale, en op di manier het hul byna al di swarte strêpe van di sonnespectrum op di doek gekry. So is dit bewys, dat di metale in di dampkring van di son bestaan in di vorm van brandende gas. Byvoorbeeld 'n sekere metaal wat hul noem *sodium*, gé 'n heldergéle streep in syn spectrum as dit gloei in di vlam. Waar di géle streep is, het di sonnespectrum 'n swarte streep. As nou di lig van brandende sodiumgas op di prisma val, dan siin 'n mens deur di spektroskoop ok 'n swarte streep in plaas van di géle streep. Dus moet daar sodiumgas brande op di son. Op di manier het hul uitgevind, dat di vollende stoffe in di vorm van gas op di son bestaan: yster, mangenees, potas, kalk, chroom, nikkel, miskaen ok aluminum, kobalt, koper en sink.

Banje ontdekkinge is al gedoen met di spektroskoop. Di maan gé komplete diselfde spectrum as di son. Dis 'n bewys dat di maan gen y'e lig het ni, mar skyn met di weerkaatste lig van di son, en dat sy ok gen dampkring het ni. Di andere planete gé ok diselfde spectrum as di son, mar met di klyne verskil, dat sommige strepe doffer is en andere helderder uitkom, wat bewys dat di planete ok skyn met di lig van di son, mar hul y'e dampkring het, soos onse aardbol.

Di Spektroskoop bewys dat Jupiter en Saturnus elemente bevat wat ni op di aarde bestaan ni.

Di dampkring van di planete verskil wynig van onse dampkring. Sommige geleerde beweert, dat daar waterdamp en reenwolke is in di dampkring van di planete, en di vraag word druk bespreek: of daar ok plante of dire of andere lewende wesens is op di planete.

Di pragtigste vaste ster of son, sê di geleerde, is Sirius. Sy is veul groter en skitterender as onse son, en is 790,000 maal so vér van ons af. Haar lig beryk onse aarde na 'n rys deur di Heelal van 22 jaar! Sy bevat waterstof, mangenees, sodium en yster. So het di geleerde ok andere sterre ontleed en bevinde, dat daar sterre is van allerhande kleure, gele, rooie, bloue en groene sterre.

Na wat ik nou gesê het, raai ik, is daar gewis nog één vraag klaar op jul lippe, en dit is: "sou daar ni goud of silwer wees op di son of op di sterre ni?"

Helaas, di spektroskoop sê "né!" Goud en silwer "spook" mai net op di aarde. Eens vraag 'n Jingo, wat al te danig trots was op syn geleerdhyd ver 'n eenvoudige boer, wat ni alles van syn praatjiis wou opeet ver soetkoek:—"Ou oom, wat sê jy, is daar mense op di sterre?"—"Dit weet ik ni," sê Ou oom, "één ding weet ik, daar is verwas ni goud ni; want dan het Engeland al lank di goue ster geannekseer, of daarop aanspraak gemaak, onder di voorwensel dat di inwoners van di ster hulself ni kan regeer ni." Ou Oom het di regte waarhyd gesê!

S. P.

Oom Wessel syn "Klyntji" 's ferloor.

Menere en vrinde, ek laat julle hoor:
Oom Wessel syn Klyntji is glad mos ferloor!
Di eerste twe "Klyntjiis" van Maart en April.
Is hiir angekom ja so goed en so wel.

Mar di derde, ek meen dis di fan maand Mei,
Di een het Oom Wessel nog glad ni gekry,
Ek het hom geseg dis ni te ferstom:
Di "Klyntji" het seker op pad omgekom.

Ek kan dit, so denk ek, wel net goed ferstaan,
Hoe of dit met di arme "Klyntji" 's gegaan.
Di "Klyntji" di is nog mar swak mos en klyn,
En het seker mors dood gefal uit di tryn.

Of anders is hy nog misskiin glad ferdwaal,
Met di tryn saam gery, tot daar fêr in Transfaal;
En dan kom hy seker oek nooit weer te reg.
Mar blyf dan fer altyd, di stomme ding, weg.

Oom Wessel di vraag my hoe dat dit kan wees?
Hy kry nou syn "Klyntji" mos ni om te lees.
En waarfoor het by dan syn geld moet betaal?
En waarom moet dan juis syn "Klyntji" ferdwaal?

Hy vraag toen myn "Klyntji" om dit deur te lees ;
Hy seg toen hij weet ni waar syne sal wees.
Ek glo hom dit seker ; want mooi is dit ni.
Om geld te betaal en jou "Klyntji" kom ni.

Myn "Klyntji" kom altyd so goed en so reg,
Hy het my oek al 'n mooi woordji geseg ;
En as hy nou weer fer di fiirde maal kom,
Dan is hy oek ni meer so klyn en so dom !

Hy sal dan 8 bladsye groter oek wees,
En bring dan fer ons nog meêr nuws om te lees ;
Dan sal hy tog sekerlik ni weer ferdwaal,
Kom hy op "Potfontein," dan gaan ons hom haal.

En kom hy dan hiir op oom Wesselsyn plaas,
Dan lees ons hom gou deur met spoed en met haas ;
Dit duur dan ni lank ni of deur is ons hom,
En wag dan met smart dat 'n ander moet kom.

Wil julle nou weet waar di digter tog bly ?
In Strydenburg distrik daar kan jul hom kry.
En wil jul nog daarby syn naam en fan hoor ?
Jacob Small sê : Oom Wesselsyn "Klyntji" 's fer-
loor !

Sketse uit ons Folks Karakter.

'N NUTTIGE SPOOK.

MYN o'erlede vader het in di Dal groot gewor'e
en het fer my vertel :—
Op ons plaas het 'n ou jong gewoon, syn
naam was ou "Booi". Hy was 'n troue ou skepsel
gewees; mar tog het hy 'n paar foutjiis gehad. (Watter
mens is folmaak ?) "Ou Booi" het saans 'n bitji
laat fan di werk af gekom. Di mense het al fer hom
gesê : "Ou Booi, jy moet daarom 'n bitji saans vro'er
huis toe kom ; want jy weet jy most di drinkfat saans
vol water dra." Mar al di gepraat help niks. Een
aand gaan myn pa ea nog een fer hom bang maak.
Hulle trek fer hulle spier-wit an, met 'n papiir-helmet
op, en as hy dan by di kerkhof sit ; want "ou
Booi" most by di kerkhof ferby gaan. Toen hulle 'n
ruk gesit het, hoor hulle fer "ou Booi" fluit-fluit an-
kom. Net toen di ou by di kerkhof ferby kom,
staan di twe wat wag hou op en hulle loop na di ou
toe. Toen hulle omtrent 5 trê van Booi af is, gewaar
hy hulle fer di eerste maal. "Ou Booi" roep net
een slag na bo'en toe, en toen druk hy fas huis toe ;
en di twe hiir agter sit hom agterna. Daar di ou ni
kon fining loop ni, haal hulle fer hom gou-gou in,
en dan fat hulle so an syn skou'ers. Kort deus kant
di huis laat hulle di ou staan. Di twe trek toen di
wit klere uit, en stap toen oek huis toe. Toen hulle
in di kombuis kom was "ou Booi" oek daar, mar

regte onderstebo, en sê mar net gedurig: "mens of
duiwe!,"—"mens of duiwe!"

Hulle fra fer hom "wat makeer jy fanaand, ou
Booi?"—"Aiiiii basiis," sê hy, "Ekke hette
van naante banja leelike dinge gesiin. Lange witte
goeters."

Di aand fertel hulle dit ni an di "ou" ni, mar wel
di follende dag. Mar tot hulle ferbasing, "ou Booi"
wou dit ni glo ni, en 'n hele paar dage was dit of di
ou half deurmakaar was.

Di speulletji het oek gehelp. Dit was di laaste
aand dat "ou Booi" so laat huis toe gekom het, en
di "ou nooi" het oek ni weer nodig gehad om o'er di
drinkfat te praat ni.

'n Woord op syn regtetyd is goed, en ek denk 'n
speul-tji op syn regte tyd is oek goed ; tenminste
by di gefal was hy goed.

NEEF FANIE.

Dri Storiis fan Wolf en Jakkals.

(Bekroonde Pryspraak, deur J. J. J. Taljaard, *The
Grange, Heidelberg, Z. A. Republiek*)*

I. BY DI BOKKRAAL.

WOLF di kom eendag by jakkals, kastag om te
kuier. "Mor'e, broer jakki !" sê Wolf.
"Mor'e, broer Wolf !" sê jakki. "Hoe gaan
dit met sus Wolfina ?"

"Nê, goed, broer, en hoe gaan dit met sus Jakko-
mina ?"

"O-o-o So-o-o ! krukkent, krukkent. Di tan'e pla
fir di ousiil mar baing."

"En wat gebruik jy ?" fra Wolf.

"Al wat ek in di hande kry," sê jakkals, "tot kat-
temis-poeier ok ; mar dit help niks ni, sy sit mar altyd
te koekeloere met haar ferflakste dik bakkiis, net of
sy 'n dridubbele pruimpi twak in gesit het. Denk,

* Op di prysvraag ver di 3 beste stories van Wolf en Jakkals
is 9 insendinge ontvang. O'er algemeen bewys hulle, dat dit
hoog tyd is om di oue Hottentots Storiis uit di diewêreld te
versamel. 'n Mens kan an almal merk, dat di frishyd en
natuurlikhyd waarmê di oue Hottentots dit saans lange di
vuur vertel het, lanksamerhand weg raak en vervang word
deur meer stywe vorms en uitdrukings. Dan val belangrike
bisoederhede, wat lîwe an di fabels gegê het weg. An di
ander kant word 2 en 3 Storiis an makkaar gelas en sommige
dêle met makkaar verwar, en op verkeerde plekke ingevoeg.
En gen wonder ni. Want di oue Hottentots raak dood en di
Kaffers het di stories ni. Daarom loof ons nou weer 'n prys
van £1 uit verenige 3 beste Dire Storiis, dit hoef ni juis van
Wolf en Jakkals te wees ni. Di prys het ons toegeken an
Mnr. Taljaard, hoewel ons in di eerste stori enige sinne moes
verander wat 'n bitji onstigtelik sou lees ; syn tweede stori
tamelik goed vertel, mar tog wat opgemeng is ; en di derde
'n samelassing is van verskillende storiis. Moik gé ons later
nog van di andere insendinges oek leer of meer. [RED. O. K.]

broer, ek word mos eendag so kwaad fer haar, en ek gé haar 'n bekfeegsel, dat sy pote in di lug lê. Mar kyk, broer, toen moes ek di wêreld anfat! Sy p'k 'n klip b'et en di satanse teef kalpater my ampers di halwe oor fan di romp!—Mar wat ek wou gesê het, broer wolf, wil jy ni laat ons gaan bokke steel ni?"

"Fan wi?" fra wolf.

"Fan di boer," sê jakhals.

"Ja, dis goed" sê wolf; "Dis net 'n jolli plan."

"Nou ja," sê jakhals, "kom mor'e aand."

Di anderdag gaan jakhals na di boer toe, en sê fir hom hy moet di aand in syn bokkraal gaan sit met 'n foorhamer; want wo'f di sal di aand kom bokke steel.

"Goed," sê di boer, en hy gaan sit di aand in di poort fan di bokkraal.

Di aand kom wolf en jakhals. "Nou toe!" sê jakhals fer wolf, "kruip mar in." Mar net soos wolf syn kop in steek slaan di boer hom met di foorhamer op syn kop, dat hy sommar so pooto'erkop lê. "Soe!" sê wolf, "wat slaan so 'n bokram seer met di kop."

"Nou kom mar, sê jakhals, "ons gaan steel mar di boer se hamels." Hulle kruip toen by di skuiwergat in, en begin te fang en te eet.

Di jakhals gaan elkemaal pas of hy nog kau deur di gat kom; mar wolf di eet mar; naderhand gaan jakhals uit, en skré:

"Boer! boer! di wolf in jou skaap kraal!" en di boer kom met di agtersambok en het fer wolf daar getakel, dat di hare so fan hom flie; en di wolf het gemis van benoudhyd, tot hy so dun was, dat hy by di gat kon uitkom; en sit toen di rime neer so hard hy kan. En jakki moes toen ok mar di wêreld skeur huis toe.

II. JAKHALS AS VRYER-HOTNOT.

Di ander dag kry wolf weer fer jakhals; mar jakhals syn vrou was toen dood an di tandpyn en follens hulle wet moes jakhals toe fer wolf oom sê. Jakhals sit so diip ingedagte, dat hy nooit fer wolf siin ankom ni, en toen hy hom gewaar, was hy so na, dat hy ni kon flug ni. Hy spring toen in 'n gat, mar wolf di pak hom an di stêrt, en trap fas agter. "Oom wolf!" skré hy, "dis 'n taiboswortel, wat jy beet het; gaan haal gou 'n klip, en stamp daaran, dan sal jy siin." Di wolf di los di stêrt om 'n klip te gaan haal, en daar trek jakhals. "Wag, jou afgedankste kind! ek sal jou weer in di hande kry," sê wolf.

Di ander dag lê jakhals éwe lekker te slaap, en di wolf kom en gryp hom. "Nou sal ek jou wys," sê hy. "Ag oom wolf," sê jakhals, "ek is baing siik; dra my tog huis toe." Hoewel di wolf n'g erg siik was fan di sla'e, kry hy jammer en dra fer jakhals op syn rug. Nou en dan sing jakhals: "Di sike dra di gesonde!"

"Wat sê jy?" fra wolf dan fer hom.

"Né," sê hy, "ek praat fan oom wolf syn lekker stappi."

Dan stap di wolf mar weer an, tot hulle onder 'n krans kom, wat o'erhang. "Oom wolf! oom wolf!"

skré jakhals, "di krans wil fal! Hou so wat jy kan, dat ek 'n stut gaan haal."

En hy spring fan wolf syn rug af, en wolf hou an di krans of hy di moord wou steek; mar jakhals kom ni weer terug ni.

Toen kom daar 'n skulpat, di sê fer wolf: "Is jy dan gek? Los di krans! Hy sal nooit fal ni!"

"Nou," sê wolf, "ek sweer by myn stêrt, as ek fer jakhals weer in di hande kry, dan sal hy dit hê."

Fandaar kom jakhals by 'n olifant wat dood lê en hy fret fan agter di olifant se derms uit tot hy binne in kruip. Wolf di kom op di reuk af anstap. Soos hy naby kom spring di jakhals uit, en presenteer hom. "Jy's dood" sê hy fer wolf. "Jy siin hoe sterk is ek; ek het di olifant syn nek afgedraai."

Di wolf word regtig bang, en hy gaan ferby. 'n End daarfandaan kom di wolf by skulpat. "Het jy gehoor," fra hy fer hom, "hoe sterk is jakhals?"

"Hoe dan?" fra skulpat. "A," sê wolf, "hy het 'n olifant dood gemaak."

"Wat?" sê skulpat, "hy liig, di olifant was dood toen hy hom kry."

En di wolf di spring ok sommer daadlik om, en storm fer jakhals. En di outji spring ok weer uit en staan permantig op di olifant. "Ek trap jou di strot af as jy nader kom."

Mar di wolf kom mar a, en jakhals moes mar af-sit, en wolf di kom staan eet.

"Wi het jou so slim geleer?" fra jakhals fer wolf.

"A, di skulpat," sê wolf, en jakhals gooi plat na skulpat toe. Mar skulpat di sit onder 'n klip en hy wil ni uitkom ni.

"Wat sit jy di heel dag so ferskimmel onner di klip?" sê jakhals. "Kom laat ons 'n bitji hiir afstap, hande in di broeksak."

En di skulpat kom uit en stap saam; mar hou syn kop in di dop.

"Mar, skulpat, hoe het ik dit met jou? wat is jy tog so skamerig. Steek uit jou kop en loop soos 'n man! laat ons kan lekker gesels."—En di skulpat steek syn kop uit, mar di jakhals wag net tot syn kop heeltemal uit is, en klaps! byt hy hom di kop so mors af.

Daarfandaan gaan jakhals en gaan fry na wolf se dogter; want hy was mos toen kammeliliis wewenaar. En toen wolf dik was, kom hy huis toe. Jakhals het te lekker sit praat met wolf se dogter; hy pas ni op of oom wolf dalk ni ankom ni; en toen hy dit gewaar word, kom wolf al by di deur in. Di huis had mar een deur en glad gen fenster ni.

"A ha!" sê oom wolf, "nou sal jy dit hê!"

Mar jakhals kry gou 'n plan. "Op dees aarde!" sê jakhals, "Oom wolf, kyk watter 'n fet skaap breng tant wolfin!" Want tante was uitgegaan om skape te steel.

Oom wolf te nuwskirig kyk 'n slaggi om, om di fet skaap te siin, en woerts! spring jakhals by wolf ferby. Mar wolf di was te feul in di deur, en jakhals spring hom dat hy op di naat fan syn rug lê, en toen hy weer te

regte kom was di jakha's weg. "Nou," sê wolf fer jakhals, "ek sal jou weer beet kry."

III. WOLF GEFOP TOT IN SYN DOOD.

Op 'n dag ontmoet Jakhals weer fir wolf; mar hy hou fêr langs, dat wolf hom ni in di hande kry ni. Hulle loop toen fort, altyd so 'n entji fan mekaar af.

So kom jakhals naderhand by 'n pèrd wat lê slaap. "Oom wolf," skré hy, "hiir is 'n fet pèrd fan di boer dood. Mar dis te feul fcor di o'e; kom ons sleep hom 'n entji weg, dan kan ons lekker eet."

"Mar hoe kry ons hom weg?" fra wolf.

"Kom, ek sal oom wolf se stêrt an di pèrd syn stêrt fas maak; dan kan oom wolf beter sleep. Dan sal ek 'n poot fat."

"Nou toe," sê wolf. En jakkals bind wolf syn stêrt an di pèrd sen fas; toen fat hy 'n lat en gè di pèrd 'n hou. Di pèrd spring op, en loop dat dit so kraak; en wolf di waai net soos 'n ou fel agter an.

"Oom wolf! oom wolf! slaan yster na'el in di grond!" skré jakkals.

"Wat? Ek kan gen hemel of aarde beken ni! Hec wou ek yster na'els in di grond slaan? Sê mar grootenis an myn frou en kinders" sê wolf.

Di pèrd loop toen met hom hard tot by di boer se huis, en di boer di fang di pèrd 'n steek wolf onder di agtersambok en slaan hom dat di pakki wolle so waai. Naderhand gaan di stêrt tog los, en so kom wolf wier fry. Mar hy was heel te mal o'er hoeks fan di sla'e fan di boer.

Toen hy by di huis kom, was jakkals alweer by syn dogter. Mar di slag het hy opgepas, en betyds geflug.

Di dag daarna kom jakhals na wolf toe, en sê fir hom. "Oom wolf, ek het nou 'n plek gesiin, waar firbasend baing fisse is; wil oom ni dat ons gaan fang ni?"

"O ja," sê wolf, want hy was baing gek na fis; en hulle gaan toen na di boer se dam; want daar het jakhals dan kastag di fisse gesiin. "Nou," sê wolf "hoe kry ons hulle in di hande?"

"Wag mar, oom wolf," sê jakkals, "ek het al baing fisse gefang in di wêrld. Ons gaan lê maar net hiir langs di water, dat ons stêrte in di water hang, dan lê ons mar doodstil tot morre froeg; en as ons dan ons stêrte uittrek, dan sit di hare gelyk fol fan di fisse."

Hulle maak toen so. Mar jakhals het, net soos dit donker was, syn stêrt stilletjiis uitgetrek. Naderhand sê wolf: "kragtag, hoor, di water is koud!" "Dis ni di water ni, oom wolf, dis di fisse wat so koud is; lê mar stil, oom wolf, ek foel hulle ok an myn stêrt fas byt."

Omtrent middernag sê wolf: "Regtig, broer jakkals, hiir is al fisse an myn stêrt; want ek foel hy is al swaar." En dit was al di tyd di ys, wat syn stêrt fas hou; want dit was in di middel fan di winter.

Di anderdag morre was di wolf se stêrt so fas geys, dat hy ni kon los kom ni, en toen skré di jakkals:

"Boer! boer! di wolf in jou fontyn!" Di boer di kom toen met di sambok, en het hom daar gekwint en gekwint, dat hy ni weet hoe hy dit het ni. Naderhan ruk di wolf syn stêrt so kort af, en daar trek hy met syn stomp stêrt ra outant wolfinna, dat sy kan plyster op sit waar 'i stêrt afgebreek het.

Toen wolf weer fir jakkals kry, wou hy hom met geweld dood maak. Mar jakki di had alweer 'n plan klaar. Hy sê: "Wag, oom wolf, ek wil jou 'n ding fertel. Siin jy di wa wat daar ankom? Hy het 'n frag botter op. Ons moet 'n plan maak om 'n fat botter in di hande te kry, dan kan ons tog lekker eet."

"Ja," sê wolf, "mar hoe 'n plan sal ons kry?"

"O," sê jakhals, "ek het 'n ekstra plan al klaar. Oom wolf di gaan lê soor in di pad, en hou jou mar morsdood. Dan sal di boer jou wel op di wa laai om af te slag, en net soos di wa in 'n santplek kom, dan skop jy 'n fat botter af en spring self oek af. Ek sal sorg dat ek by is, en dan rol ons hom in di bosse in, dan kan ons eet."

"Goed" sê wolf, en hy gaan lê in di pad. Dit was toen ligte maan. "Hoha!" skré di ly'er. "Wat is dit?" fra di baas. "Hiirs 'n wolf," sê hy.

Di boer fat di sambok en stap so'entoe, en hy het di wolf daar getakel, dat di donse fan hom fliig. Di wolf hou hem mar dood, en di boer sê fir di lyer: "Smyt hom mar agter in di wa, dan kan jy hom afslag waar ons gaan uitspan." En di lyer gooi hom agter in di wa.

En net soos di wa in 'u plek dik sand kom, "Blaks!" skop di wolf 'n fat botter af en hy en jakhals rol dit in di bosse in en steek dit weg, om di anderdag te kom eet.

Di anderdag kom jakhals by wolf en sê fir hom: "Oom wolf, ons sal morre gaan eet; ek moet fandag gaan kind doop; hulle het my gefra."—"Toe mar," sê wolf, en jakhals di gaan fort na di botterfat toe en eet hom dik.

Di aant fra wolf fir hom: "Hoe het jy di kind se naam gegé?" "Beginsel" sê hy.

Di anderdag kom jakhals, weer, en sê fir wolf: "Ek moet fandag weer gaan kind doop; ons kan morre gaan eet."—"Goed," sê wolf, en jakkals freet hom weer dik. Di aand fra wolf weer fir hom. "En hoe het jy di kind se naam gegé?"—"Eerste hoepel."

En so het jakhals angehou, tot di laaste kind syn naam "Boomskraapsel" was.

Toen sê hy fir wolf: "Nou kom, ons gaan nou botter eet." Toen hulle by di fat kom, was dit leeg, daar was gen stuk botter in ni. "Dis jou werki" sê wolf fir jakhals. Dit is di kinders wat jy aldag gaan doop het."

"Né, Oom wolf" sê jakkals, "mar ek denk dis oom wolf wat di botter opgeëet het."

"Nou kom" sê wolf, "ons lê met ons bekke teen di son, en di wat botter uit braai, di het dit op ge'et."

Nette lekker keskiit geke. Mentorre nikse ni kesiin ni asse net bossi roer. Pardom, daar falle di skot, daar di bok hy lê. Nette lekker keskiit, hy, di k, k, klyn baas."

Gen loftuiting kon my meer streel as di hulde fan outa ni. Ik foel nes ik fan di grond gelig word, en di hêle wêreld myne is. Almal wens my geluk met myn eerste bok. Ik was di held van di aand. In di folks kamertjiis gé outa 'n ongesmukte ferhaal fan waar di bok gelê het, en hoe hy gehardloop het, en hoe hy weggeduik het in di bossiis, so dat 'n mens niks fan hom kan sien ni, en hoe lekker di klynbaas hom tog raak geskiit het. Met ope ore, en mond, en nens luister di jong folk outa syn stori an, en ik was met een 'n groot man in hul o'e.

Di ou prys my te danig, dat ik somar 'n heel boel begin te denk van myn knaphyd as skutter, en daar was seker op di hêle p'aas di aand nimand so trots as ik en nimand wat met so 'n parmantige g'foel na bed gegaan is ni.

Mar nou kom di treurige part van myn stori, kinders. Di dag nadat ik met outa Mentor in di fel! was kom hy ni uit syn kamer ni. Dit was iits onge- woon. Myn oudste broer gaan kyk wat daar met outa te doen was. Hy kom terug met 'n ontstelde gesig. Ik was by myn fader by di fêkraal toen myn broër na ons toe kom en an myn fader sê: "Pa, ik weet ni wat ik fan Mentor moet denk ni. Di ou is glad deur- makaar. Syn o'e lyk so ferwild in syn kop, en hy doen niks as te mompel in syn y'e taal. As ik hom iits fra, dan sê hy al hy moet weg; hy kan ni bly ni; hy moet di slangsteen gaan haal fir hom en fir syn klyn basi. Dit lyk my as of di arm oû skepsel fan syn ferstand af is."

Myn fader spreek geen woord, mar stap sonder ver- wyl in di rigting van di jongens-huise. Ik stap kort agter an, te danig nuwsgirig om te weet wat outa makeer.

"Goëie morre, Mentor" se myn fader toen hy di kamertji binne stap. "Morre, myn baas"; was di antwoord. "Hoe gaan dit fan morre? foel jy siik? Het jy pyn er'ns in jou lyf, Mentor?" was myn fader syn besorgde vraag.

"Né, oû Seur, né, Mentorre ni sike ni, Mentorre kesont; Mentor ni pyne ni, nett' mar Mentor kanne ni slape ni. Mentor hy lê, hy lê wakker. Di *fetis*-man watte Mentorre kesiin het in syn lante hy kom; hy staan daarso foor Mentorre. Syn o'e hulle blinke nesses di son. Hy staan daarso waar ou Seur staan. Hy sê "Mentorre, ekke wagge fir jou. Hoe kom jy ni kaan haal di s, s, slangsteen ni? Ik wagge fir jou. Ikke wagge fir jou daar bo in swart k'ooft in di T, t, tepelberg. Jy moete kom, disse tyd nou."

"Mentorre hy kyke. Di *fetis*-man is wek. Soos alles pik donker. Nou, ou Seur, Mentorre kaan wek. Hy kaan haal di s, s, slangsteen fir hom en fir syn klyn basi daarso." Toen kyk outa my stip an en laat folg. "Morre, myn basi. Di *fetis*-man hy wag fir outa daar bo in di T.t. tepelberg, daar di kant in di

donker kloofe. Hy wag. Mentorre kan ni bly ni, hy moete kaan; hy moete loop. Di *fetis* man hy sal kwaad wor as Mentorre ni komme ni. Outa hy moete loope loope. Hy kaan haal di s, s, steene. Hy make syn klyn basi baing ryke, bai' g kroot man. Hy kom bly by syn klyn basi;" en outa frommel in een van di hoeke fan syn kooi en haal syn knapsak uit, en neem syn stok, en strompel deur toe. Syn o'e was ferwild. Syn gang nes di fan 'n dronke man, syn hande beef, syn bène waggel. Myn fader lê syn hand frindelik en sag op Mentor syn skou'er en sê bedaard mar beslis; "Né, Mentor, nou ni, jy is siik; jy het koue gefat. Jy het koers. Bly nou mar lê, myn arme ou jong. Di noi sal jou 'n bitji warm wyn met kruie gé om uit te sweet. As jy beter is kan jy di slangsteen gaan haal en jou klyn basi kan mé gaan." Met saghyd en fermhyd ly hy di ou mens terug na syn kooi en druk hom met sorg op di matras neer.

Daarna sê hy an myn oudste broer: "Kind, bly jy hiir, ek wil met jou moeder gaan spreek om di ou mens iits te kom gé. Sy het o'eral voor raad."

Myn fader stap toen di kamertji uit, en myn broer en ek bly by outa. Eers was hy stil, mar later begin hy weer te mompel in syn taal en anstalte te maak om op te staan. Boeta mo s di arme outa gedurig paai, en mooi praat om hom in di bed te hou.

In di begin was ek bang fir outa, omdat hy so wild daar uit siin, mar later kom ik nader en staan by di kooi. Di ou mens fat myn hand met syn linker en paai dit so met syn regter hand. "Myn bas," sê hy, "myn basi, outa hette jou baing liif. Outa hette jou opkepas toen jy so klyn pika-nini was; outa hette jou rond kedra. Nou outa hy kaan hale di slang st, t, teen, hy make jou ryke man; hy bly by syn basi totte hy dood kaan; syn basi bekrawe fir outa Mentorre!" Ik bars in trane uit; "Outa moet ni dood gaan ni" was al wat ik kon uitbreng.

"Né, outa nokke ni dood kaan, outa kaan haal di st, t, teen, outa maak jou ryk man" en so yl outa Mentor foort.

Di nag na dat myn moeder outa fersorg het en sweet- middels ingegé het, laat myn fader een fan di folk by outa waak. Wat gebeur is weet nimand. Waarskyn- lik het di waker and slaap gefal. Di ander dag was outa weg. Dit het di nag gereen en hul kon syn spoor ni kry ni. Myn fader het laat seek da'e agter een, puur ferniit. Hy self en al myn broers was in di weer, mar net fernimmendal; outa is nooit weer uit gekom ni.

Agtiën maande later kry 'n skaapwagter, in di don- ker kloof in di Tepelberg tussen grote rotse en digte struik 'n geraamte. Di flees was ferteer, of opgeëet deur wilde dire. In di regterhand klem di geraamte 'n steen so groot as 'n duiwe-yer. Di steen was fol klyne gaatjiis. "Kinders, hiir is hy," en onpa haal uit syn sak 'n silwer dosi, maak dit fersigtig oop en wys ons 'n rondagtige steen fol klyne gaatjiis.

"En nou, kinders is dit tyd om te gaan slaap. Sê nou mooi nag almal fir oupa—en bid di Heer om ons algar te bewaar."

Ons sê almal nag, en gé oupa 'n soen met 'n 'danki, oupa, fir di mooi stori,' en gaan toen bed toe. Ik was di laaste om di deur uit te gaan, en toen ik om kyk sit onpa met gespanne andag in di flikkerende fuur te kyk, diip in gepyns.

Gesellige Tydferdryf.

UIT DI SYFERKUNDE.

I.

Hoeveul is twe maal twe? Jy sal sê: 2×2 is 4 en——jy het gelyk. Mar 2×2 is oek party keer 3. Wil jy dit ni glo ni? Breek dan mar 'n stokki of iits anders twemaal in 2 stukke en jy sal siin dat 2×2 dri is.

II.

Vermenigvuldig di getal 1 2 3 4 5 6 7 9 met 45—63—72 of 81 en jy sal snaaks opkyk. Onthou, dat in di vermenigvuldig getal gen 8 voorkom ni.

III.

Di getal 37 is 'n wonderlike getal. Vermenigvuldig dit mar eens met 3 of 6 of 9 en jy sal siin. 'n Getal van 3 gelyke nommers kan altyd deur 37 gedeel word, sonder dat daar iits o'erblyf. Deel oek di bowege-noemde getal 1 2 3 4 5 6 7 9 deur 37 en jy vind weer iits bisonders.

Probeer of jul dit kan verstaan;
Daar's meer, waar hul dri kom vandaan.

OOM JAN.

“**Ons Klyntji**” heet “**Ons Tyd-
schrift**” welkom.

WELKOM, sussi! Jy is net 'n maand na my gebore. Mar jy is groter in di wêreld gekom as ek, want jy weeg toen 40 pond (bladsye), en ek mar 16. En dan het hulle fer jou 'n baing mooi jurki angetrek, amper net so bont soos Josef syne. En jou pleegfaders leer fer jou somar Hoog-Hollans praat oek. Mar ek is daarom ni jaloers op jou, soos Josef syn broers op hom was ni.

Arri, sussi, hoe kom gé jy dan gen datum fan jou geboorte ni, en oek ni fan jou tweede nommer ni? Hoe sal ons nou weet wanneer ons jou ferjaardag moet fir? Ek wil mos graag al jare fer jou geluk wens en 'n persentji stuur.

En hoe lijk dit dan fer my of jy agteruit groei? Want di eerste keer weeg jy 40 pond (bladsye) en di tweede keer mar 36! Ek wil tog ni hoop dat jy so jonk al di uitterende siikte sal kry ni! Of pla di tande nou al fer jou? Of gé hulle fer jou ni goeie kos ni? Moet dan ni so maak om klyner te worde ni? Ek wil dan so graag hê jy moet gesond opgroeï, dat ons mooi kan same speul en gesels, al is jou taal 'n bitji anders. Kyk, myn suigflessi is naby, en ek

groeï fluks. Ek is al 'n derde groter geworde. Ek weeg nou al 24 in plaas van 16 pond (bladsye). Of wil jy fer my kans gé om fer jou in te groeï?

Mar hoe dit sy, ek fraag myn pleegouers om al maande fer my te stuur om by jou te kom kuier, en hoop jy sal oek al maande by my kom kuier, en ek hoop ons sal nooit rusi maak ni. Wi weet, altemit fry en trou ons nog een dag same, as ons groot word, en dan fir al ons famili en frinde deur di hêle land 'n frolike bruilofsfees. Daarom wil ek fer jou 'n welkoms-liidji sing

Welkom, welkom, sussi-liif!

Welkom in di lêwe!

Kom, myn klyne hartediif,

'k Wil je 'n soentji géwe.

Kom, soen nou jou klyne boet!

Leef nog lank; dit gaan jou goed!

Prysbrage.

DI uitgewers fan “*Ons Klyntji*” het besluit om fer elke nommer 'n Prys uit te lowe van £1. soos volg:—

Tyd fan Insending.	Onderwerp.	Grootte.	Deur wi gegé.
15 Juni ...	Beste lys van Ger- maanse woorde deur Afrikaners (kyk Afr. Taal- Aanbyl) ...	„	S. J. du Toit
15 Juli ...	3 Beste Grappige en leersame Ver- hale ...	„	Dr. Hoffmann
15 August ...	3 Beste Dire Storiis (ni juis fan Wolf en Jakhals ni)	„	Di Uitgewers

1. Di winner fan di eerste prys kan dit in g. ld kry, of hy kan uit ons boeklys fer hom een of meer boeke uitsoek fer di waarde fan £1; dan laat ons foorin netjiis inplak met goud gedruk syn naam, waarvoor hy di prys gekry het, di datum, e. s., wat hy dan kan hou fer 'n gedagtenis. As daar 'n tweede opstel is wat di beoordelaars oek gunstig anbeveel, dan ge di uitgewers daarvoor self oek 'n prys fan 10s. an boeke, wat di winner kan uitsoek uit ons boeklys.

2. Di gewer fan di prys het di reg om self 3 persone te benoem fer beoordelaars, of wil hulle dit an di uitgewers laat, dan benoem ons 3 bekwame en onpartydige persone.

3. Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form. Daarom sal ons di bekroonde prysfrage opneem, en fan di ander opstelle oek sovenal as dit werd is. Op di manier hoop ons goeie stukke te kry. Di *Patriot* het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so gelet worde as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans: form en inhoud

4. As daar ferdere persone is wat £1 wil gé fer 'n prys, an sal ons bly wees as hulle di onderwerp belyds fer ons wil opgé.

President MARTHINUS T. STEYN.



'n Man met eer alom bekend
Is Vrystaats nuwe President.
Hy 's van ons eige vlees en bloed,
Syn' hart klop reg, di keus was goed.

En daarby vrees hy ook di Heer,
Ons kan' gen beter man begeer.
Steun hom nou trou, dan kom dit reg,
Soo's Oom Jan Brand al het geseg.

God segen hom met Volk en Raad,
Di Kerk en Maatskappy en Staat,
Dit, Broeders! is di heilwens van
"Ons Klyntji," en van jul vriend

OOM JAN.

"Ons Klyntji."

ENIGSTE

AFRIKAANSE TYDSKRIF

VER

oud en jong.

4/- PER JAAR.



"Ons Klyntji"

BEVAT

Afrikaanse Verhale,
Gedigte,

Diirstoriis,

Raaisels ver Kinders,

Mooie Prente.

4/- PER JAAR.

"ONS KLYNTJI"

BEVAT

"Di Koningin van Skeba": 'n Historise Roman, 'wat nou al belangrik is, mar waarin later sal verhaal worde hoe di Koningin van Skeba in Sambesia geregeer, by Salomo gaan kuier het, ens., ens.

"Jakob Plattji": Sketse uit di lewe van di Boesmans en Hotnots, deur 'n landmeter.

"Praatjiis o'er di Natuur", waarin vertel word van Son, Maan, Sterre, ens.

"Sketse uit ons Volkskarakter",—"Diirstoriis",—Gedigte,—Afrikaanse Storiis, ens., ens.

ADVERTENSIIS word billik geplaas.

PRIS:

3/- per Duim, Enk. Kol., 1ste maal.	1/6 per Duim, Enk. Kol., 3de maal.
2/- do., do., 2de do.	<u>Staande Advertensiis</u> 15/- per Duim per Jaar.

D. F. DU TOIT & CO., BEPERKT,
DRUKKERS EN UITGEWERS.